

---

# **Politargiese monargisme, nomokratiese monargisme en die Middeleeuse korporasieteorie: die konstitusioneel-historiese beslaggewing aan die Middeleeuse korporasieteorie in die vroeë Reformatoriese denke van die Monargomagiese politieke teoretici**

*Andries Raath*

*Navorsingsgenoot*

*Departemente Geskiedenis, Filosofie en Publiekreg*

*Universiteit van die Vrystaat*

*RaathA@ufs.ac.za*

## **Abstract**

**Polytarchic monarchism, nomocratic monarchism and medieval corporation theory: the constitutional-historical settlement of medieval corporation theory in the early Reformational thought of the Monarchomarch political theorists.**

*Anton-Hermann Chroust argues that the premise of all social political thinking of the Middle Ages, namely the idea of a single and uniform but nevertheless articulate whole, presupposed an organic interrelation between this divinely ordained universal whole and its equally divinely*

*ordained parts, members, or individuals on the one hand; and between the various parts, members or individuals themselves on the other hand. Since every part of the whole must be connected with the whole as with every part, such a universal order of all created things presupposed, again, a divinely instituted harmony which pervades this whole as well as each and every part of it. The basic tenets of the organic conception of human society came to expression in the notion of human society functioning as a single and uniform, yet articulate social organism, and the accompanying concept of membership, assigning to each and every individual his particular place and task within the superior organism. The Canonist jurists gave expression to the social underpinnings of this medieval social spirit by rationally comprehending Church and State in their entirety in their theory of corporations. The Conciliar theologians and political authors followed suit by incorporating these ideas in their views of democratic participation in the political process, the authority of the members of universitates to appoint their rulers, and the right to apply justice to rulers failing to promote the welfare of their subjects. In this article it is pointed out that the medieval theory of corporations received its theoretical expression through the synthesis of Roman polytarchic monarchism and the Germanic conception of nomocratic monarchic rulership. The interplay between these two (in many ways opposing forms of monarchy) witnessed corporation theory as a political perspective harbouring many insoluble tensions. The Protestant political views of the monargomach authors, Francois Hotman, Theodore Beza and Junius Brutus, accepted and applied medieval corporation views evincing the same tensions in their theories. It is concluded that corporation theory in many ways inhibited the formulation of a sound normative political theory based on the premise of the State as an individualised legal entity, integrating the diverse political interests of all its subjects under the regulative guidance of the standards of public justice.*

## 1. Inleiding

Die Middeleeuse korporasieteorie het beslag gekry namate die Legistiese en Kanonistiese skrywers die onontwykbare verskynsel van groepvorming as menslike bestaanwyse op 'n prinsipiële grondslag geplaas en die toepassing daarvan op onderskeidelik Kerk en Staat, beslag gegee het: "The development by Legists and Canonists of a Theory of Corporations

---

came into contact at many points with the efforts of the Medieval Spirit rationally to comprehend Church and State in their entirety, and therefore scientifically to conceive the nature of all Human Society."<sup>1</sup> Die Kanonistiese skrywers was instrumenteel daartoe om die korporasiebegrip – synde 'n verenigingspersoon met 'n ledesubstraat – as 'n eiestandige entiteit, wat soos natuurlike persone kan optree, te ontwikkel. Die korporasiebegrip – afgelei van die Romeinse begrip *corpus* – is in die ná-klassieke Romeinse Reg gebruik om die bevoegdhede van verenigingspersone met 'n ledebasis te beskryf.<sup>2</sup> In die Romeinse Reg het die begrip *corpus* gedui op die samesnoering van 'n groep natuurlike persone wat in verenigingsverband saamgewerk het.<sup>3</sup> In die Kanonistiese denke ontwikkel die term *universitas* tot 'n benaming wat op die saamgestelde geheel van 'n groep dui en waarvan die klem op die geheel en nie op die samestellende dele val nie. Die begrip *universitas personarum* dui byvoorbeeld op 'n groep mense met die klem op die entiteit eerder as op die individuele lede daarvan. Volgens G.J. Pienaar kan die Middeleeuse Kanoniste as die baanbrekers op die gebied van die teoretiese begronding van korporasies en ander samelewingsgroepe beskryf word en was die voorlopers van die teoretiese begronding van die Middeleeuse regspersoon.<sup>4</sup> Die Kanonistiese korporasiefiguur het as stimulus gedien vir die Middeleeuse Konsiliariebeweging en die invloed wat dit op politieke gebied uitgeoefen het.<sup>5</sup> Die Middeleeuse korporasiebegrip het, onder invloed van Germaanse opvattinge, nie alleen groot invloed op kerklike terrein uitgeoefen nie, maar ook bygedra tot beslaggewing aan politieke standpunt wat verreikende implikasies gehad het. Die verbreding van die korporasiebegrip het teen die einde van die Middeleeue as platvorm vir verskeie politieke ontwikkelinge gedien: Beskerming van die burgerlike vryheidsregte van onderdane; versterking van die vryheidsregte van politieke inspraak en medeseggenskap, politieke verteenwoordiging en verset teen onregplegende owerhede. In hierdie artikel val die kollig op die beslaggewing aan die Middeleeuse korporasiebegrip in die politieke denke van die polikratiese monargisme, die nomokratiese monargale teorie en die

---

1 O. Gierke, *Political Theories of the Middle Age*. Vertaal deur F.W. Maitland. Cambridge: Cambridge University Press (1987), p. 1. Kyk ook B. Tierney, *Foundations of the Conciliar Theory. The Contribution of the Medieval Canonists from Gratian to the Great Schism*. Cambridge: Cambridge University Press (1968).

2 G.J. Pienaar, *Die Gemeenregtelike Regspersoon in die Suid-Afrikaanse Reg*. LL.D.-proefschrift P.U. vir C.H.O. (1982), p. 10.

3 Vgl. *Digesta* 41, 3, 30.

4 Pienaar, *Die Gemeenregtelike Regspersoon*, p. 28.

5 Kyk B. Tierney, *Foundations of the Conciliar Theory*.

toepassing daarvan in die politieke denke van die vroeë Reformatoriese Monargomage, asook die implikasies daarvan ter beskerming van die vryheidsregte van Protestantse onderdane.

## 2. Die Romeinse politargiese monargisme in die Middeleeuse politieke filosofie

### 2.1 *Die Middeleeuse opvattings oor die eenheid van monargale gesag*

Die Middeleeuse politieke denke was op die idee van monargale regering gebaseer. God as opperste Monarg, voer heerskappy oor sowel die kerklike as politieke terreine. Alle aardse heerskappy is 'n beperkte weergawe van die goddelike heerskappy van die wêreld. Alle kerklike en politieke instellings is van Godsweë ingestel en alle aardse ampte en gesag vloeи uit God. Derhalwe word alle soewereiniteitsregte van kerklike en politieke aard na God teruggespoor en dit vloeи voort uit God se opperste bestuur van die wêreld. Die wese van die sosiale organisme is opgesluit in die eenheid wat deur die regerende entiteit weerspieël word, welke regerende entiteit self die eenheidskarakter van alle gesag moet vertoon (per se unum) en bygevolg in 'n enkele gesagdraer beliggaam is. Dante Alighieri (1265-1321) gee uitdrukking aan dié gedagte deur die eenheidsbeginsel van politieke gemeenskappe na die regerende wil van die monarg terug te spoor (*voluntas una et regulatrix*). Dante Verklaar; "Temporal monarchy, then, which men call 'empire', is a single sovereign authority set over all others in time, that is to say over all authorities which are measured by time."<sup>6</sup> Van monargale regering wat na God terugspoerbaar is, verklaar Dante: "And since the whole sphere of heaven is guided by a single movement ..., and by a single source of motion (who is God), in all its own parts, movements and causes of movement, as human understanding perceives quite clearly through philosophical reasoning, then if our argument is sound, mankind in its ideal state when it is guided by a single ruler ... and in accordance with a single law ... in its own cause of movement and in its own movements. Hence it is clear that monarchy (or that undivided rule which is called 'empire') is necessary to the well-being of the world."<sup>7</sup>

---

6 Dante Alighieri, *Monarchy*. Vertaal deur P. Shaw. Cambridge: Cambridge University Press (1996), p. 4.

7 Dante, *Monarchy*, p. 13.

Petrus de Andlo (15de eeu) druk dieselfde beginsel uit met die spreek: *regimen mundi a summon rerum principe Deo eiusque divina voluntate;*<sup>8</sup> God stel die Pous in as verteenwoordiger; vanaf die Pous vloeи die *imperialis auctoritas* en versprei *principatus et domini mundi subaltern quadam emanation defluxerunt.*<sup>9</sup> Ulrich Tengler se *Laienspiegel* van 1509 steun op dieselfde beginsel.<sup>10</sup> Die Middeleeuse Skolastici soos Thomas Aquinas (1224-1274) aanvaar monargale regering as die normale. In sy werk oor koningskap stel hy as beginsel dat: “It is manifest that what is itself one can more efficaciously bring about unity than several – just as the most efficacious cause of heat is that which is by its nature hot. Therefore the rule of one man is more useful than the rule of many.”<sup>11</sup> Ter weerlegging van die Konsiliaristiese denke, propageer Johannes de Turrecremata (oorlede 1468) dat die monarg bo die gemeenskap verhewe is, soortgelyk aan God se opperste heerskappy bo die wêreld en die herder bo die skape is.<sup>12</sup>

## 2.2 Die leerstuk van plenitudo potestas

Die leerstuk van *plenitudo potestas* word die eerste keer gebruik in Pous Leo I se versoek aan Biskop Anastasius van Thessaloniki om van die pouslike verpligtinge te behartig, in die pouslike verantwoordelikhede te deel (*in partem ... sollicitudinis*), maar nie oor die volheid van pouslike gesag te beskik nie: *non in plenitudinem potestatis*).<sup>13</sup> Pous Gregorius IV (828-844) gebruik dié term aanduidend van die totale gesag wat aan die Kerk oorgedra is. Vanaf die elfde eeu word die terme deur die Kanonistiese regslui verfyn en reeds by Gratianus (359-383) verwys *plenitudo potestas* na die omvattende gesag kerklike jurisdiksie, terwyl *pars sollicitudinis* na aspekte van dié jurisdiksie verwys.<sup>14</sup> Die juris Gulielmus Durandus (1237-1296) het in die dertiende eeu steeds die soewereiniteitsregte van die Pous oor politieke entiteite gehandhaaf en verklaar dat die Pous oor *plenitudo potestas* in alle politieke aangeleenthede beskik.<sup>15</sup>

8 Petrus de Andlo, *De Imperio Romano-Germanico*. Argentorati: Typis Iosiae Rihelij (1603), p. 8.

9 Petrus de Andlo, *De Imperio Romano-Germanico*, p. 12.

10 Ulrich Tengler, *Laienspiegel*. Strasburg: Geen uitgewer vermeld (1509), Vol. 1, dl. 1.

11 Thomas Aquinas, *On Kingship to the King of Cyprus*. Vertaal deur G.B. Phelan. Westport, Connecticut: Hyperion Press, Inc. (1979), p. 12.

12 Johannes de Turrecremata, *De Potestate Papae et Concilii Generalis*. Peripponti: Libraria Academica Wagneriana (1871), p. 79 e.v.

13 T. Shogimen, *Political Discourse in the Late Middle Ages*. Cambridge: Cambridge University Press (2007), p. 160.

14 Shogimen, *Political Discourse*, p. 161.

15 Gulielmus Durandus, *Speculum*. Basil: Geen Uitgewer vermeld (1538), p. 51 e.v.

Vanaf die twaalfde eeu ontwikkel die teorie dat die politieke heerster oor soewereiniteit op die politieke terrein beskik.<sup>16</sup> Voorstanders van heerster-soewereiniteit identifiseer die positiewe reg met die uitdruklike of versweë wil van die vors. Die implikasies van dié standpunt is dat die vors bo die wette verhewe is, dat hy nie aan wetgewing gebonde is nie en dat hy na willekeur die positiewe reg kan oortree of wysig. Dié standpunt is ondersteun deur interpretasies van Romeinse tekste wat skynbaar soortgelyke resultate beoog: Die vors is *lex animata*, die beginsel geld dat *quod principi placuit leges habet vigorum* en as soewerein is die vors se soewereiniteit beliggaam in die spreek *princeps legibus solutus est*.<sup>17</sup>

Mettertyd beteken die leerstuk van *plenitudo potestas* in die Middeleeuse teologiese denke die volkommenheid van die gesag wat God na bewering aan die Pous oordra: *plenitude potestas ecclesiasticae potestatis* en waaruit alle kerklike gesag voortvloeи. Hoewel dié leerstuk reeds deur Gregorius VII (1073-1085) verkondig is, was dit Innocentius III (Pous 1198-1216) wat daaraan uitdrukking sou gee.<sup>18</sup> Ten tye van die Hohenstaufen bepleit die juriste vir die Keiser die *plenitudo potestas* van die Romeinse Keiser. Spoedig is die totale mag van die Keiser beskou as die ideale tipe monargie. Ten spyte van dié verwikkelinge het selfs voorstanders van absolute monargale gesag, die pligte en beperkings van monargale gesag daarvan erken en mettertyd word die *potestas limitata* van die amptsgesag van die vors aanvaar.

Ook word die staat *qua* staat en as *fiscus* bo ander *universitates* verhef. Vir die bestaan van 'n gewone persona ficta was 'n konstituerende staatshandeling nodig. Ingevolge *Digesta* 3, 4, 3 behels dit die skepping van die wetgewende mag. Die regspersoonlikheidsbegrip word in die Middeleeuse politieke denke aan die staat gekoppel. Die toekenning van regpersoonlikheid aan die staat gaan gepaard met die tipering van die staat as *universitas*; die staatsbestaan as sulks word nie van 'n wet afgelei nie en dit staan teenoor ander regspersone in 'n verhouding van opperste voogdyskap. Voorts behels dié leerstuk dat

- 
- 16 Kyk die Sachsenpiegel boek 1, art. 1 (*Des Sachsenpiegels*). Red. C.G. Homeyer. Berlin: Ferd. Dümmler's Verlagsbuchhandlung (1861), p. 153.
- 17 Frederici II Constitutiones. In: *Monumenta Germaniae Historica. Leges*. Vol. 2. Hannoverae: Impensis Bibliopolii Aulici Hahnianii (1837), p. 341 e.v. Vgl. Petrus de Vineis, *Epistolarum. Basilarum*: Paulum Ovecim (1566), pp. 270-271; K.A.C. Höfler, *Kaiserthum und Papstthum*. Prag: Friedrich Tempsky (1862), p. 70 e.v.; J. Ficker, *Forschungen zur Reichs- und Rechtsgeschichte Italiens*. Vol. 2. Innsbruck: Verlag der Wagner'schen Universitäts-Buchhandlung (1869), pp. 495, 554 e.v.
- 18 Kyk bv. *Patrologia Cursus Completus*. Vol. 214: Innocentius III. Pontifex Romanus. Parisiorum: Seu Petit-Montrouge (1855), pp. LVII, 77, 116, 145, 286, 292, 313, 324, 350, 378, 456, 458, 464, 481.

die staat as sodanig nie wederregtelik kan optree nie. Romeinsregtelik was die staat bo alle skuld verhewe: *omnia jura habet princeps in pectore suo*. Die *imperator* is die *lex animata*, deur God bo die wette gestel.<sup>19</sup> Hoogstens word van vorste verwag om billikheds- en wenslikheidshalwe hulself aan wetgewing te onderwerp.<sup>20</sup>

### **2.3 Die Middeleeuse teokrasie**

Volgens Middeleeuse teokratiese opvattinge het regsnorme 'n bowe natuurlike oorsprong en is politieke owerhede instellings van God. Die owerheid word beskou as 'n verteenwoordiger van God en die wetgewing van die owerheid beklee die status van die goddelike wil. Die owerheid is soewerein omdat dit deur God ingestel is en met gesag oor die onderdane beklee is. Die Romeinse absolutistiese soewereiniteitsopvatting gaan uit van die premissie dat die politieke gemeenskap 'n magsinstiutuut is, alle wilsuitinge van die monarg bo die reg verhewe is en aan geen rekenskap onderworpe is nie. Dié gemeenskapsidee berus op die teokratiese opvatting dat soewereiniteit wesenlik tot die politieke gemeenskap behoort, aan geen plig of wet gebonde is nie, welke owerheidswil onaanstabaar is, regtens as onaanvegbaar funksioneer en bindend vir alle onderdane geld.

### **2.4 Die opkoms van die idee van staatsoewereiniteit**

Die kerklike model van die oorspronklike en wesenlike regte van die Kerk as sosiale entiteit, wat sy gesag aan die goddelike reg ontleen, dien mettertyd as model vir die toekenning van soewereiniteit aan die politieke gemeenskap as 'n enkele verband. Ten tyde van die Legiste val die klem op die eenheid, ondeelbaarheid en onverveembaarheid van gesag in die politieke gemeenskap. Aanvanklik is die politieke gemeenskap wat oor soewereiniteit beskik, met die individuele staatsliggame vereenselwig. Otto von Gierke, verklaar dat regs- en filosofiese argumente spoedig bygedra het tot die ontwikkeling van die leerstellige basis van die moderne staatsopvatting. Dié opvatting oor die politieke gemeenskap is gebaseer op die idee dat die gesag in die politieke gemeenskap bo en voorafgaande aan die positiewe reg bestaan. Die juridiese uitylvoiesel van dié standpunt behels dat selfs kontrakte wat die regte van die politieke gemeenskap beperk, nietig is en dat die mag van die politieke gemeenskap onbeperk geld. Kontrakte van die

---

19 *Novellae* 105, Cap 2, I, f: "Omnibus enim a nobis dictis imperatoris, ex capiatur fortuna, cui et ipsas deus leges subject, legem animatam eum mitttere hominibus."

20 In *Codex* 1, 14, 4: "... et re vera maius imperio est submittere legibus principatum", en in *Codex* 6, 23, 3: "... Licet enim lex imperii sollemnibus juris imperatoris solverit, nihil tamen tam proprium imperii est, ut legibus vivere."

---

*princeps* is dus nie bindend op opvolgers nie indien sodanige ooreenkomste die monargale gesag sou beperk. Die volkomenheid van staatsgesag is onverveembaar tot die mate dat selfs die Keiser of die Pous nie by magte is om tot so 'n stap oor te gaan nie. Dante Alighieri vat dié gedagte soos volg saam: "A prince's authority belongs to a prince only as something for his use, for no prince can confer authority on himself; he can accept it and renounce it, but he cannot create another prince, for the creation of a prince is not dependent on a prince. If this is the case, it is clear that no prince can appoint a vicar to take his place who is equivalent to him in all things ..."<sup>21</sup>

Pogings om magsmisbruik deur vorste te verhoed, het dikwels tot standpunte aanleiding gegee wat die idee van volksoewereiniteit ondersteun het. Marsilius van Padua (oorlede ná 1342) gee waarskynlik die duidelikste beslag daaraan. In sy *Defensor Pacis* stel hy as oogmerk "to demonstrate that the authority to pass laws belongs solely to the universal body of the citizens or its prevailing part".<sup>22</sup> Hy vervolg: "(B)ecause the primary human authority, simply speaking, to pass or institute human laws belongs to that from which alone the best laws can result. But this is the universal body of the citizens or its prevailing part, which represents the whole of that body ... The authority to pass or to institute laws belongs, therefore, solely to the universal body of the citizens or its prevailing part."<sup>23</sup>

Andersydс het die standpunt voortgeleef dat die vors as subjek van soewereiniteitsregte funksioneer. As soewereine subjek, is die vors met oppergesag beklee, as subjek van staatsmag beskou en die begrip *dignitas* het as verwysingspunt gedien om die regte van die vors as regeerder, van sy handelinge as private individu te onderskei. Dante, 'n voorstander van monargale regering, beskryf soewereiniteit soos volg: "Temporal monarchy, then, which men call 'empire', is a single sovereign authority set over all others in time, that is to say over all authorities which operate in those things which are measured by time."<sup>24</sup> Die omvattende gesag van die monarg is uitgebrei oor alle dele van die Ryk: "But there is nothing a monarch could covet, for his jurisdiction is bounded only by the ocean; whereas this is not the case with other rulers, whose sovereignty extends only as far as the neighbouring kingdom ..."<sup>25</sup>

---

21 Dante Alighieri, *Monarchy*, p. 75.

22 Marsilius van Padua, *The Defender of the Peace*. Vertaal deur A. Brett. Cambridge: Cambridge University Press (2005), p. 68.

23 Marsilius van Padua, *The Defender of the Peace*, p. 68.

24 Dante Alighieri, *Monarchy*, p. 4.

25 Dante Alighieri, *Monarchy*, p. 18.

Uitgaande van die voorstelike soewereiniteitsidee, ontwikkel die standpunt dat die soewerein alle gesag aan nie-staatlike gemeenskappe deleer en dat sodanige gesag deur die soewerein herroepbaar is. Petrus de Andlo beroep hom op die stelreël *contra absolutam potestatem principis non est praescribi*.<sup>26</sup> Hy huldig die standpunt dat die Keiser oor die bevoegdheid beskik om alle publieke magte van enige korporasie te herroep en die jurisdiksionele mag waaroor laasgenoemde beskik, van nie-staatlike entiteite terug te neem.<sup>27</sup>

### **3. Die Germaanse nomokratiese monargisme, stadspersoonlikheidskonsepsie, en die regsverantwoordelikheid van politieke amptenare**

#### **3.1 *Die Germaanse staatsopvatting en die ontwikkeling van die regstaatteorie***

##### **3.1.1 *Die uitbreiding van die persoonsbegrip in die Middeleeuse denke***

Die Germaanse politieke denke gaan uit van 'n minder absolutistiese staatsopvatting. Tydens die Middeleeue het die stede gegroeи tot klein state en was beklee met regspersoonlikheid. Hoewel stede beklee was met krygs- en polisiéringsgesag, sowel as allerlei bevoegdhede waaroor staatsowerhede beskik het, moes hul ook instaan vir die onregmatige optrede van hul publieke amptenare. Gierke verklaar van die stede: "Ihr schuldete jeder Beampfe Treue und Gehorsam, Rechnung und Verantwortung, gleichwie sie ihrerseits ihn zu schützen und vertreten, ja für ihn zu haften hatte."<sup>28</sup> Vir onregmatige handelinge deur stadsdienars, is die stede ten volle verantwoordelik gehou en telkemale veroordeel tot vergoeding van skade deur die skuld van een of ander stadsorgaan veroorsaak. Hoewel die stadsowerhede oor uitgebreide magte jeens die individuele burgers beklee was, was dit eweseer aan regvoorskrifte gebonde.

Die Germaanse nomokrasie vergestalt in die stede nie buite die raamwerk van die Germaanse persoonsbegrip nie, en die stadspersoonlikheid staan nie bo en buite die reg nie. Die presiese

---

26 Petrus de Andlo, *De Imperio Romani Regis*. Argentorati: Typis Iosiae Rihelii (1603), p. 54.

27 Petrus de Andlo, *De Imperio Romani Regis*, p. 54.

28 Gierke, *Deutsche Genossenschaftsrecht*, Vol. 2, Berlin: Weidmannsche Buchhandlung (1873), p. 745.

inhoud van die stedelike soewereiniteitsopvatting en die juridiese inkleding daarvan is nie bekend nie. Dit is egter duidelik dat die stede, hoewel sterk onder invloed van die Romeinse opvattings van die staat as 'n wese met onbeperkte mag en aan geen pligte onderhewig nie, as regsgesbonde entiteite beskou is.

### 3.1.2 Die beperking van monargale gesag, sinkretiese regering en die opkoms van die sosiale kontrakidee

Engelbert van Volkersdorf (1250-1311) was een van die mees prominente skrywers oor sinkretiese regering en die beperking van monargale gesag. In sy *De Regimine Principum* bepleit hy sowel regsgesbonde beperkinge as buitegeregteleke meganismes om misbruik van monargale gesag aan bande te lê.<sup>29</sup> Volgens Volkersdorf is die instelling van 'n *consilium principis* en onafhanklike geregshoue belangrike instellings om monargale gesag te kontroleer.<sup>30</sup> Voorts onderskryf Volkersdorf die beginsel van sinkretiese regering – grondwetlike instellings wat reeds in antieke Sparta gefunksioneer en deur vooraanstaande Griekse en Romeinse filosowe voorgestaan is.<sup>31</sup>

Die Griekse filosoof Plato maak reeds melding van die sosiale kontrak as politieke instelling wat die sosiale verhoudinge in terme van ooreenkoms vertolk en op die vryheid van keuse berus. In die tweede boek van Plato se *Republiek*, word die moontlikheid van die sosiale kontrak, by monde van Glaucon, as politieke instelling genoem. Plato verwierp egter sulke wilsgebaseerde ooreenkomste omdat dit nie noodwendig die intrinsieke waarde van geregtigheid beliggaam nie en sosiale instellings eerder op die natuur as op konvensie berus.<sup>32</sup> Die idee van 'n sosiale kontrak wat die menslike samelewning onderlê, word die eerste keer deur Aurelius Augustinus (353-430) beskryf in terme van *generale quippe pactum est societatis humanae obidere regibus*.<sup>33</sup> Johannes van Parys onderskei tussen die sosiale kontrak

---

29 Engelbert van Volkersdorf, *De Regimine Principum*. Ratisbonae: Joannis Conradi Peezie (1725), p. 7 e.v.

30 Engelbert van Volkersdorf, *De Regimine Principum*, p. 7 e.v.

31 A.W.G. Raath, Die Reformatoriese herinterpretasie van die ephorale ampsidee as sinkretiese konstitusionele instelling in die antieke Spartaanse politieke lewe, *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* 2019(4), pp. 145-183.

32 Plato, *The Republic*. Harmondsworth, Middlesex (1979), p. 104.

33 Aurelius Augustinus, *Belijdenissen (Confessiones)*. Vertaal deur F. Erens. Amsterdam: S.L. van Looy. (1903), III. 8.

en dié ingevolge waarvan die regeerder aangewys word.<sup>34</sup> Aeneas Sylvius Piccolomini (1405-1464) tref 'n onderskeid tussen die kontrak wat mense in die natuurstaat sluit ter oprigting van 'n *societas civilis* en die *regia potestas* as gevolg van skending van die sosiale kontrak.<sup>35</sup> Die beginsel onderliggend tot die idee van die sosiale kontrak is dat die aanvaarding van owerheidsgesag 'n vrywillige daad van die volk is en dat die vors nie van nature oor politieke gesag beskik nie. Marsilius van Padua regverdig vrywillige onderwerping aan die vors met verwysing na die gehoorsaming wat aan wetgewing betoon word, "because any citizen will better observe a law that he seems to have imposed on himself. But such is a law that has been passed as a result of an audience and command on the part of the universal multitude of the citizens."<sup>36</sup>

Die gangbare Middeleeuse standpunt was dat handelinge van die politieke soewerein wat met die natuurreg in stryd is, *ab initio* nietig is. As sodanig was alle onregmatige handelinge en wetgewing nietig wat die individuele onderdane van die staat betref. Om hierdie rede is hul plig tot gehoorsaming beskou as 'n voorwaardelike plig en dat hul oor die reg beskik om tirannieke maatreëls teen te staan. Die natuurreg was die normsisteem aan die hand waarvan politieke optrede van die vors beoordeel is.<sup>37</sup> Vorstelike geagsuitoefening in stryd met die natuurreg is as nietig beskou. In Marsilius van Padua se *Defensor Pacis* word dié beginsel uitgebrei sodat die vors deurentydregsgebonden optree. Hy beskou die volk as wetgewer en ag die *principans* gebonde aan die wil van die volk. Marsilius stel die beginsel in dié verband soos volg: "(A)ll those in the position of prince should exercise their function in accordance with the law, not beyond it, and especially monarchs who exercise their function together with all their posterity, so that their principates may be more secure and long-lasting".<sup>38</sup> Elders verklaar Marsilius dat gesagsuitoefening in ooreenstemming met die reg, vorste

- 
- 34 Johannes van Parys, *Tractatus de Potestate Regia et Papali*. In: S. Schard, *De Iurisdictione Autoritate, et Praeeminentia Imperiali, ac Potestate*. Basileae: Cum Caes. Maiest. Gratia & Privilegio (1566), pp. 145-147.
- 35 Aeneas Sylvius, *De Ortu & Authoritate Imperii Romani*. In: S. Schard, *De Iurisdictione, Autoritate, et Praeeminentia Imperialii, ac Potestate*. Basileae: Cum Caes. Maiest. Gratia & Privilegio. (1566), pp. 314-315.
- 36 Marsilius van Padua, *The Defender of the Peace*. Vertaal deur A. Brett. Cambridge: Cambridge University Press (2005), p. 70.
- 37 Kyk bv. Thomas Aquinas, *Summa Theologica*. Christian Classics Ethereal Library (2000), pp. 2270, 2297-2309, 2331, 3240.
- 38 Marsilius van Padua, *The Defender of the Peace*, p. 62.

teen gebrekke gesagsuitoefening behoed, “because to exercise the function of prince according to the laws saves their judgements from defects arising from ignorance and perverted inclination”.<sup>39</sup> Die volkswil, soos beliggaam in wetgewing, is die opperste maatstaf waaraan vorstelike politieke optree moet beantwoord: “Therefore since it belongs to the universal body of the citizens to generate the form according to which all civil acts must be regulated, sc. the law, it will be evident that it belongs to the same body to determine the manner or subject of this form to which it belongs to settle the civil actions of men in accordance with this form: viz., the princely part. And since this is best of the forms in the civil community, it ought to have determined for it the subject that is best in respect of its characteristics ...”<sup>40</sup> Die bevoegdheid om wette te maak, vloeи direk uit die soewereiniteit van die volk voort: “(T)he primary human authority, simply speaking, to pass or institute human laws belongs to that from which alone the best laws can result. But this is the universal body of the citizens or its prevailing part, which represents the whole of that body: since it is not always easy or even possible for all persons to agree upon one opinion because some individuals have a stunted nature, which through singular malice or ignorance is out of harmony with the common view. ... The authority to pass or to institute laws belongs, therefore, solely to the universal body of the citizens or its prevailing part.”<sup>41</sup> Die kulminasie van volksoewereiniteit, die oppergesag van die reg en die volk as hoogste wetgewer, vind by Marsilius van Padua 'n onderskeibare regstaat-toespitsing. Oor die noodsaak van wetgewing en belang van vorste wat in ooreenstemming met die reg regeer, skryf Marsilius: “The principal necessity is civil justice and the common advantage.”<sup>42</sup> Elders vat hy die kern van sy regstaatlike benadering saam: “It remains now to show that all those in the position of prince should exercise their function in accordance with the law, not beyond it, and especially monarchs who exercise this function together with all their posterity, so that their principates may be more secure and long-lasting. ... We can see this is so in the first place because to exercise a function of prince according to the laws saves their judgments from defects arising from ignorance and perverted inclination. As a result,

---

39 Marsilius van Padua, *The Defender of the Peace*, p. 62.

40 Marsilius van Padua, *The Defender of the Peace*, p. 89.

41 Marsilius van Padua, *The Defender of the Peace*, p. 68.

42 Marsilius van Padua, *The Defender of the Peace*, p. 56.

being regulated both in themselves and towards the citizens who are their subjects, they suffer fewer acts of sedition ... than they would encounter if they acted badly in accordance with their own discretion.”<sup>43</sup> Volgens Nicolas van Cusa (1401-1464) berus die bindende krag van wetgewing op die wil van die hele gemeenskap; die Pous is gebonde aan die *canones*, die Keiser aan die *leges imperiales*, en wetgewing behoort slegs ruimte te laat vir owerheidshandelinge wat absoluut noodsaaklik is.<sup>44</sup>

### **3.2 Die korporasiebegrip, verteenwoordiging en politieke medeseggenskap**

#### **3.2.1 Die Middeleeuse korporasiebegrip**

Die Glossatore het sowel Kerk as Staat by hul korporasiebegrip ingesluit. Onder Germaanse invloed word mettertyd sowel die wils- as handelingsbevoegdheid van regspersone aangeneem. Met betrekking tot korporasiedelikte word aanvaar dat lede gesamentlik as lede 'n misdryf kan pleeg. As reël geld dat die regspersoon nie verantwoordelik gehou kan word vir onregmatige dade deur verteenwoordigers in sy diens gepleeg nie, tensy opdrag tot die pleeg van die dade of *ex post facto* goedkeuring daartoe verleen is. Algemene staatsaanspreeklikheid teen die *Universitas* is bygevolg uitgesluit.<sup>45</sup>

Die latere Romeins-Kanonistiese gedagtelyn gaan in dieselfde rigting. Bartolus erken byvoorbeeld ten aansien van handelinge *omnes ut universi*, die deliksbevoegdheid van regspersone, met onderskeiding van *universitates quae superiorem non recognoscunt* van *universitates superiorem recognoscentes*. Ten aansien van eersgenoemde word die eienskappe van die Romeinse staat toegeken en aanspreeklikheid deur verteenwoordigers verwerp. Die *civitas* is *ex dolo eorum qui sunt de consilio* nie aanspreeklik nie. 'n Regspersoon kon egter 'n daad van 'n verteenwoordiger deur uitdruklike of stilstwyende goedkeuring tot sy eie maak.

---

43 Marsilius van Padua, *The Defender of the Peace*, p. 62.

44 Nicolas van Cusa, *De Concordantia Catholica*. In: S. Schard, *De Iurisdictione Autoritate, et Praeeminentia Imperiali, ac Potestate*. Basileae: Cum Caes. Maiest. Gratia & Privilegio (1566), pp. 522 e.v.; 601 e.v.; 670 e.v.

45 Otto Gierke *Deutsche Genossenschaftsrecht*. Vol. 3, Berlin: Weidmann'sche Buchhandlung (1881), p. 193 e.v.

### 3.2.2 Die politieke filosofie van die Konsiliebeweging

Die Konsiliebeweging kry beslag na aanleiding van poulike absolutisme en die skeuring van die Roomse Kerk.<sup>46</sup> Die idee van *plenitudo potestas* ondergaan 'n tempering vir sover instemming tot monargale gesag as uitgangspunt van die Konsiliebeweging geld. Die *Lex Regia* word vertolk as synde 'n maatreël ter versekering van medeseggenskap van lidmate in kerklike aangeleenthede. Bartolus (1314-1357) se standpunt dat alle ongeskrewe wette van gewoonte en gebruik tot stand kom met die stilstwyende instemming van die volk (*tacitus concensus populi*), dra by tot die standpunt dat sowel ongeskrewe as geskrewe wette die instemming van die volk tot uitdrukking bring (*mentem populi*). In die geledere van die Bartolistae val die klem op die reg van die volk om 'n populêre vergadering of raad (*concilium*), wat hul burgerskap verteenwoordig, te kies en die eintlike owerheidsliggaam word naas die koning (konstitusionele monargie) gestel. Die volk, by wie alle mag sy oorsprong het, kan soveel gesag aan die raad oordra as wat dit wil – die volk is die absolute soewerein. Daarom is die volk nie onderdane nie, maar burgers. Die toepassing van die Konsiliebeginsels op die terrein van die politieke gemeenskap, geskied veral deur die werke van filosowe en teoloë soos Johannes van Parys (oorlede 1306), Willem van Ockham (oorlede 1347), Marsilius van Padua (oorlede 1342) en die juris Gulielmus Durandus (1237-1296). Johannes van Parys onderskei tussen kerklike en politieke gesag: Sowel Pous as Koning ontvang hul gesag direk van God, maar indirek deur instemming van die volk.<sup>47</sup> Op die spoor van Aristoteles se politieke denke sien hy politieke gemeenskappe as eenhede wat onafhanklik bestaan en elk oor sy eie gesagsfeer beskik.<sup>48</sup> Die politieke gemeenskappe kom tot stand uit hoofde van die natuurlike geneigdheid van mense om hul gemeenskaplike welsyn na te streef. Die politieke gemeenskap is 'n korporatiewe, organiese geheel, die burgers beskik oor regte en verpligte en as politieke entiteit is hul soewerein.<sup>49</sup> Willem van Ockham is ten gunste van 'n konstitusionele monargie, hy skei die staatlike en kerklike gesagsfere en hy spreek hom uit ten gunste van die vryheid van Kerk en Staat onderskeidelik om sonder wedersydse

---

46 A.J. Antonites, Die filosofie van die konsiliebeweging. In: A.M. Faure, A.C.A Gey van Pittius e.a., *Die Westerse Politieke Tradisie*. Pretoria: Academica (1981), pp. 136-147 op p. 136.

47 Johannes van Parys, *Tractatus de Regia Potestate*. Basileae: Cum. Caes. Maiest. (1566), p. 151 e.v.

48 Johannes van Parys, *Tractatus de Regia Potestate*, pp. 152 e.v., 191 e.v.

49 Johannes van Parys, *Tractatus de Regia Potestate*, p. 188 e.v.

inmenging hul onderskeie belang te behartig. Marsilius van Padua gee filosofiese uitdrukking aan die gedagtes van die juriste van Bologna: Die gesagsfere van Kerk en Staat bestaan geskeie en onafhanklik van mekaar;<sup>50</sup> die kerk funksioneer as 'n *universitas fidelium* en die politieke gemeenskap as *universitas civium*.<sup>51</sup> Op die terrein van die politieke gemeenskap, berus alle gesag by die burgery;<sup>52</sup> die belang van die volk word deur verkose verteenwoordigers behartig (*valentior pars*);<sup>53</sup> wetgewing verkry gelding vir sover dit deur die burgers gewil word;<sup>54</sup> in beginsel funksioneer die politieke gemeenskap op grond van meerderheidsregering.<sup>55</sup> Die juris Durandus gee uitdrukking aan die idees van die Kanonistiese juriste: Die kerklike konsilie is 'n korporatiewe liggaam; dit is 'n vergadering van Pous en Biskoppe wat oor wetgewende gesag beskik; aan hierdie wetgewende gesag is die Pous ondergeskik;<sup>56</sup> ingevolge die instemmingsbeginsel word die medeseggenskap van die kerkvolk vereis waar die belang van almal op die spel is en die Pous regeer as 'n konstitutionele monarg.<sup>57</sup>

Die Konsiliebeweging se invloed het nie tot afgrensing van pouslike absolutisme beperk gebly nie – opvatting soor konstitutionele monargie het ook buite die kerklike terrein neerslag gevind. Die belang van die Konsiliebeweging is geleë in die onderskeid tussen kerklike en politieke gesagsterreine, dat kerklike gesag nie – of hoogstens beperk – geld in die politieke sfeer, dat die volk oor soewereine gesag beskik en dat die volk oor die reg op medeseggenskap in kerklike en politieke aangeleenthede beskik.

### 3.2.3 *Hostiensis en Bartolus se bydraes tot die korporasiebegrip as politieke lewensvorm*

#### 3.2.3.1 *Hostiensis (oorlede 1271) (Henricus de Segusio) en die Kanonistiese korporasiebegrip*

Die Kanonistiese skrywers se beslaggewing aan die korporasiebegrip as politieke lewensvorm, het deur die invloed van Konsiliariste tot in die moderne epog invloed uitgeoefen. Die korporasiebegrip as politieke

---

50 Marsilius van Padua, *The Defender of the Peace*, p. 88 e.v.

51 Marsilius van Padua, *The Defender of the Peace*, p. 88 e.v.

52 Marsilius van Padua, *The Defender of the Peace*, p. 65 e.v.

53 Marsilius van Padua, *The Defender of the Peace*, pp. 98 e.v., 530 e.v.

54 Marsilius van Padua, *The Defender of the Peace*, pp. 65 e.v.; 73 e.v.

55 Marsilius van Padua, *The Defender of the Peace*, pp. 65 e.v.; 89 e.v.; 114 e.v.

56 Gulielmus Durandus, *Tractatus De Modo Generalis Concilii Tenendi*. Parisiis: Franciscum Clousier (1671), p. 9 e.v.

57 Gulielmus Durandus, *Tractatus De Modo Generalis*, pp. 9-21.

lewensvorm het parallel tot dié begrip op kerklike terrein ontwikkel. Die grondidees waarop die korporasiebegrip gebaseer was, was dié van verteenwoordiging, die politieke hoof se sorgsaamheidsplig jeens onderdane, die inspraak van onderdane in besluitnemingsprosesse, gesag spruit uit die verkiesing van die politieke hoof, die regte van korporasies bestaan voort in die lede daarvan, gesag as gedelegeerde seggenskap aan die hoof van die korporasie en verset in geval van ernstige misbruik van gesag of wanaanwending van gesag tot nadeel van onderdane.

Hostiensis se korporasieteorie – hoewel hy tot 'n groot mate met kerklike aangeleenthede handel – is in die na-Konsiliariese era, ook op politieke terrein toegepas: die reg van verkose vorste om namens die korporasie te handel en nie die korporasie se belang te benadeel nie.<sup>58</sup> Die voorstelike gesagsreg vereis dat die vors sorgsaam in belang van sy ondergeskiktes sal optree. Op kerklike terrein word die pouslike sorgsaamheidsplig beskryf in terme van *tutor*, *actor*, *administrator* en *procurator*: “Praelatus sit procurator” en “Episcopus dominus non est sed procurator”.<sup>59</sup> Hy interpreer die pouslike *plenitudo potestas* as synde gesag waaraan die ander kerklike strukture deel het.<sup>60</sup> Voorts beskik verkose verteenwoordigers oor die reg om namens die ondergeskiktes inspraak te lewer in besluite van die gesagsdraer. Dié reg behels dat onderhoriges minstens geraadpleeg sal word.<sup>61</sup> By korporatiewe instellings moet die instemming van die hoof en ondergeskiktes verkry word in geval die algemene belang op die spel is.<sup>62</sup> Die jurisdiksie en administratiewe gesag waарoor gesagsdraers beskik, berus op die beginsel van verteenwoordiging en die verkiesing van gesagsdraers om ondergeskiktes by die hoér gesag te verteenwoordig. Voorts onderskryf hy die beginsel – wat wyd in Kanoniste-kringe aanvaar is – dat die jurisdiksie en administratiewe gesag van gesagsdraers uit verkiesing vloeи en nie by instelling van gesaghebbers onstaan nie.<sup>63</sup> Wat verkiesing van gesagsdraers

---

58 Hostiensis, *Summa Aurea*. Venitiis: Geen uitgewer (1579), fol. 19.

59 Kyk Hostiensis, *Summa Aurea (De treuga et pace)*, fol. 285 e.v.; (*De procuratoribus*), fol. 308 e.v.; (*De rescriptis*), fol. 26 e.v.

60 Vgl. Hostiensis, *Lectura in Quinque Decretalium Gregorianum Libros*. Parisiis: Geen uitgewer vermeld (1512), fol. 38v a, 102r a.

61 Hostiensis, *Summa Aurea*. Basiliae: Apud Thomam Guarinum (1573), p. 717 e.v.

62 Hostiensis, *Lectura in Quinque Decretalium Gregorianum Libros*. Parisiis: Geen uit gewer vermeld (1512), fol. 44 r b.

63 Hostiensis, *Summa Aurea (De officio ordinarii)*, fol. 264 e.v.

betref, beklemtoon Hostiensis die beginsel van delegasie, en in die geval waar die gedelegeerde die algemene belang benadeel, is die ondergeskiktes (as *delegans*) bevoeg om die vors sy gesag te ontheem en die gelede skade te herstel.<sup>64</sup> Die korporasie leef voort in die lede daarvan, selfs by afwesigheid van 'n hoof – 'n beginsel wat uitgedruk word met die spreek dat die koning tydelik is maar die volk ewig. Die klem op die volk as belangrikste korporatiewe komponent blyk uit Hostiensis se standpunt dat die hoof van 'n korporasie met meer gesag as die *singuli*, maar met minder gesag as die lede van die korporasie tesame, beklee is.<sup>65</sup>

### 3.2.3.2 *Bartolus en die ontwikkeling van die regspersoonlikheid van politieke entiteite*

Bartolus de Sassoferato (1314-1357) se staatsfilosofie is grondig beïnvloed deur die klassieke Thomistiese politieke denke. Benewens invloed van Aquinas, steun hy ook op Thomas se leerling, Aegidius de Colonna (ook genaamd Aegidius Romanus) (oorlede 1315) en Dante Alighieri se *De Monarchia*. Hy volg grootliks die klassieke Aristoteliese politieke denke en verwys hoofsaaklik na laasgenoemde se *Ethica*, *Politica* en *De Sensu et Sensatu*.<sup>66</sup> Bartolus lewer 'n wesenlike bydrae tot die ontluikende Middeleeuse staatsbeskouing deur die juridiese korporasieteorie op die territoriaal-soewereine stede van toepassing te maak. Ingevolge die heersende Aristoteliese politieke denke is die staat met die lede van die politieke gemeenskap vereenselwig. Thomas Aquinas het byvoorbeeld die politieke gemeenskap met die lede daarvan vereenselwig: "In civil matters all those who belong to one community are considered, as it were, one body, and the whole community, as it were, one man."<sup>67</sup> Hy beskou dié politieke entiteit as nie onderskeibaar van die lede daarvan nie. Marsilius van Padua het waarskynlik die voortou geneem met die standpunt dat die *universitas civium* 'n korporatiewe entiteit onderskeibaar van die lede daarvan is.<sup>68</sup>

---

64 Vgl. Hostiensis, *Summa (Ne sed vacante)*, kol. 717 e.v.

65 Hostiensis, *Lectura*, fol. 44r a.

66 Vgl. J.L.J. van der Kamp, *Bartolus de Saxofferato*. Amsterdam: H.J. Paris (1936), pp. 142-143.

67 *Summa Theologica*, Ia 2ae, 81, I.

68 M.J. Wilks, Corporation and Representation in the *Defensor Pacis*. In: *Studia Gratiana* 15 (1972), pp. 254-256.

## 4. Die wisselwerking van die Romeinse polikratiese monargisme en die Germaanse nomokratiese monargisme in die Middeleeuse en vroeë Reformatoriese politieke teorie

### 4.1 *Die wisselwerking van politieke soewereiniteit en regstaatlikheid in die Middeleeuse politieke denke*

#### 4.1.1 *Baldus de Ubaldis*

Aanvanklik vertoon die Middeleeuse politieke filosofie 'n onvermoë om dié twee teenoorgestelde rigtings met mekaar te versoen en as 'n sinvolle eenheid in die staatsteorie te akkommodeer. Onder invloed van juriste soos Baldus de Ubaldis, ontwikkel die standpunt dat die *populus Romanus* nie die Keiser kan onttroon nie en nie *imperatoris similis* is nie, dat die *translatio*'n *alienatio pleno iure* is en dat die Keiser andersins nie *dominus* kan wees nie, maar *commissarius populi*. J. Canning vat Baldus se regsmening oor die eenmalige oordrag van die totale mag waaroor die volk eens beskik het en die vestiging van volkome soewereiniteit in die hande van die Keiser, soos volg saam: "The divine origin of the emperor's sovereignty which had previously been discernible through an ideological construction, that in the divine mission of the Roman people, thus became an historical fact ... This view places theocratic emperorship on a completely different plane ... Every emperor, therefore, since Christ's confirmation of the empire shared the distinction of direct divine approbation with the other universal sovereign: the pope."<sup>69</sup> Samevattend gestel: Die implikasies van die Romeinse soewereiniteitsteorie is dat die staat 'n wese is wat bo alle reg verhewe is, dat die regskettinge wil van die staat geen onregmatige inhoud kan hê nie, dat die politieke gemeenskap nie deur handelinge van sy amptenare aanspreeklik gestel kan word nie: *qui facit per alium ipse facere videtur*. Voortspruitend uit hierdie soewereiniteitsopvatting is die miskenning dat die staat onregmatig kan handel.

#### 4.1.2 *Die juridiese interpretasie van die staatspersoonlikheid*

Die Kanonistiese juriste het die staat as 'n korporatiewe subjek van regte bejeën, terwyl die siviele juriste sowel die Staat as die Ryk onder die korporasiebegrip tuisgebring het. Onder invloed van

---

69 J. Canning, *The Political Thought of Baldus de Ubaldis*. Cambridge: Cambridge University Press (2002), p. 28.

Baldus kry die staatspersoonlikheid beslag, word die handelinge van die regeergesag as bindend op die opvolgers daarvan gereken en word regte en verpligtinge aan die staatspersoonlikheid toegerek. Hoewel die politieke gemenebes nie uit hoofde van sigself kan regeer nie, tree die vors wat namens die gemenebes regeer op uit hoofde van die amp wat die vors beklee. Derhalwe behoort tussen die amptelike en private handelinge van vorste onderskei te word. Die subjek van die plig wat deur regeerhandelinge geskep word, is die gemenebes wat verteenwoordig word (*ipsa respublica repraesentata*), nie te sterwe kan kom nie en uit hoofde waarvan opvolgende regeerders gebonde gehou word. Vanweë die heersende fiksieteorie is geen wilshandelinge aan die staatskorporasie toegeskryf nie. Dit bring mee dat gedelegeerde jurisdiksies by afsterwe van die vors by die dood van die monarg tot 'n einde kom.

In die latere Middeleeuse politieke denke val die staatspersoonlikheid uiteen in twee subjekte soos beliggaam in onderskeidelik die regeerder en dié van die staatsvolk; beide beskik oor kontraktuele regte en verpligtinge en in die band tussen dié twee entiteite is die staatsliggaam gesetel. Wat eersgenoemde betref, word *dignitas* aangewend om die regte van die regeergesag van dié van die vors as private persoon te onderskei. Binne die politieke gemeenskap is die regeerpersoonlikheid van die vors as private individu onderskei. Andersyds is die staatsvolk as subjek met regte beklee wat – hoewel nie die hele georganiseerde geheel nie – die volk as subjek aangedui het. Die volk is as 'n *universitas* beskou wat van die individuele lede daarvan onderskei is (pp. 71-73). Die tweeledige subjek van soewereine gesag laat groter moontlikheid vir die sosiale kontrakteorieë wat die verhouding tussen vors en volk beskryf. Die korporasieteorie het gevvolglik in 'n tweeledige soewereiniteitsbeskouing uitgemond wat die vors en volk beide as synde beklee met gesagsregte beskou het.

#### **4.2 Die reg en die staatspersoonlikheid**

Voorstanders van die idee van vorstelike soewereiniteit het die positiewe reg uitdruklik of stilswyend met die wil van die vors vereenselwig. Ingevolge dié benadering beklee die vors 'n posisie voorafgaande en bo die wetgewing deur hom gepromulgeer. Voorts is die regeerder as synde ongebonden aan wetgewing beskou en vanaf die twaalfde eeu is Romeinsregtelike tekste wat dié opvatting ondersteun, beklemtoon. Teorieë wat die vors beskou as *lex animate*, die spreek *quod principi placuit legis habet vigorem* en die idee van *princeps legibus solutus est* het in prominensie toegeneem. Die

onderskeid tussen monargale gesag en dié in republikeinse stelsels het in dié verband na vore gekom: Republikeinse gesagsdraers is gebonde aan wetgewing deur die volk aanvaar; monargale vorste tree op as *lex animata*. Teorieë wat volksoewereiniteit voorgestaan het, het alle vorme van politieke gesag na 'n daad van instemming deur die volk beskou en alle vorme van vorstelike gesag wat bo die reg verhewe is, verwerp. Dié verstewiging van die volksoewereiniteitsbeskouing lei tot die geleidelike onderskeid tussen die wetgewende en uitvoerende gesag – 'n ontwikkeling wat die idee van die *Rechtsstaat* in verskeie opsigte ondersteun het. Die klem het egter steeds op die *locus* van soewereiniteit geval en nie primêr oor die verhouding tussen soewereine gesag en die reg gehandel nie, en sommige skrywers het dieselfde regte aan die soewereine volksvergadering jeens die positiewe reg verleen as dié waaroor die monarg beskik het.

#### **4.3. Die digotomie van Romeinse politargiese monargisme en die Germaanse nomokratiese monargisme in die vroeë Reformatoriese politieke filosofie**

##### *4.3.1 Die nawerking van die Romeinse politargiese monargisme*

###### *4.3.1.1 Francois Hotman*

Francois Hotman (1524-1590) se polemiese geskrif *Francogallia* (1573) staan midde in die spanningsveld van die Romeinse soewereiniteitsidee (*imperium*) en die Germaanse idee van regstaatlikheid. Enersyds onderskei hy die monargale gesag van die koning; andersyds identifiseer hy die gesag van die staatsvolk wat teenoor dié van die koning te staan kom.<sup>70</sup> Hy sluit aan by die Middeleeuse identifisering van dié twee gesagsentiteite wat binne die politieke gemeenskap in 'n bepaalde verhouding tot mekaar staan. Hotman aanvaar die beginsel dat die politieke gesag oorspronklik by die volk berus en ingevolge 'n kontrak aan die monarg oorgedra word.<sup>71</sup> Hotman is 'n voorstander van 'n populistiese model wat, volgens sy historiese navorsing, tradisioneel behels het dat die volk hul gesag aan die monarg oordra. Die volksgesag word namens die volk deur 'n volksverteenvoerdigende raad uitgeoefen op die grondslag van die sinkretiese regeringstelsel wat reeds in Antieke Sparta beoefen is.<sup>72</sup> Voorts is die koninkryk bo die Koning verhewe – 'n standpunt wat

---

70 Francois Hotman, *Francogallia*. Vertaal deur J.H.M. Salmon. Cambridge: Cambridge University Press (1972), pp. 154, 234, 326.

71 Hotman, *Francogallia*, p. 416.

72 Hotman, *Francogallia*, pp. 304, 308, 312, 344, 350, 402.

na aanleiding van die St. Bartholomeusnag-slagting in die spreuk *res singulis major, universis minor* uitgedruk is.<sup>73</sup> Hotman verbind dié gedagte nie aan die Romeinse korporasiebegrip nie, maar lê groter klem op die rol van die volksverteenwoordigende raad wat vir die behartiging van die volksbelange verantwoordelik is. Die volksverteenwoordigende raad beskik oor uitgebreide magte – onder andere die reg tot afsetting van die vors in geval van laasgenoemde sy kompetensieterrein oorskry. Die volksverteenwoordigende raad speel 'n deurslaggewende rol by die kontrolering van die monargale gesag – 'n rol wat volgens Hotman uit die *Leges Imperii* spruit. Die volksverteenwoordigende raad moet onder andere verseker dat die wetgewing die volksbelang dien. Teenoor die Romeinse soewereiniteitsidee ingevolge waarvan die monarg oor absolute gesag beskik, ken Hotman die grootste seggenskap aan die volksverteenwoordigende raad toe: dit is 'n antieke instelling in die algemene belang; dit verteenwoordig die volk by die verkiesing van die monarg; dit vertolk die gesaghebbende besluite en begeertes van die volk; namens die volk plaas dit die vors in sy amp.<sup>74</sup> Quentin Skinner huiwer nie om Hotman se volksoewereiniteitsidee as die mees uitgebreide vorm van populisme te beskryf, wat in die era van die Monargomage verkondig is nie. Hy beskryf Hotman se klem op volksoewereiniteit as "a far more populist view of the Estates – and the correspondingly limited powers of the crown – than we find in any of the constitutional writers of the 1560s".<sup>75</sup> Die oppergesag van die volk dien ter beperking van die gesag waaroor die vors beskik: "His next general claim is that the right of election must by no means be treated as a single act of sovereignty which the people relinquish as soon as it is exercised. He makes it clear on the contrary that the people's representatives must be acknowledged to retain a right of constant surveillance, for he repeatedly insists that 'in as much as it was the right and power of the Estates and the people to constitute and maintain kings', it was always accepted as a corollary under the ancient constitution that 'the supreme power not only of transferring but also of taking away the kingdom lay within the sphere of competence of the assembly of the people and the public council of the nation'."<sup>76</sup>

---

73 Hotman, *Francogallia*, pp. 398-404.

74 Vgl. Hotman, *Francogallia*, pp. 246, 254, 256, 260, 262, 264, 266, 290-292, 296, 320-348, 350, 360, 390-396, 412-414, 426, 458, 502, 504, 510.

75 Q. Skinner, *The Foundations of Modern Political Thought*. Vol. 2. Cambridge: Cambridge University Press (2000), p. 312.

76 Skinner, *The Foundations*, p. 312.

#### 4.3.1.2 Theodorus Beza

Die *locus* van soewereine gesag by Theodorus Beza (1519-1605) is eweneens vasgevang in die spanningsveld van vorstelike teenoor volksoewereiniteit. Beza poog om hierdie spanning te ondervang deur 'n sterker Bybelse onderbou aan sy politieke benadering te verleen.<sup>77</sup> Hy vertrek van die veronderstelling dat koninklike gesag nie alleen eties nie, maar ook polities beperk is. Dié beperkings kan sowel positiefregtelik as natuurregtelik van aard wees.<sup>78</sup> Voorts onderskei hy twee vorme van tirannie wat tot verlies van die onderdane se vryheid kan lei: eerstens *tyrannus absque or sine titulo* ingevolge waarvan vorste op onregmatige wyse gesag bekom en tot onderdrukking van die onderdane oorgaan; tweedens is daar *tyrannus exercito or quoad exercitum* in gevalle waar die regmatig aangewese vors tot tirannieke dade oorgaan.<sup>79</sup> Die volk beskik nie oor die reg om tot bandelose verset teen tirannieke vorste oor te gaan nie of dat individue eierigting teen tirannieke vorste gebruik nie.<sup>80</sup> Die reg tot verset berus by die *magistrates inferiors* (amptenare wat die hoogste posisies in die land beklee en wat as raadgewers van die koning optree), of die *magistrates populares* (byeenkomste van die volksverteenvoordigende raad). Die maatstaf waarvolgens bepaal moet word of verset teen tirannieke vorste regmatig is, berus by die kontrak ingevolge waarvan die vors en volk teenoor mekaar en teenoor God verbind is. Die grondslag vir dié kontrak vind Beza in die Bybeltekste 2 Konings 11:17, 1 Konings 11:11 en 2 Kronieke 15:12.<sup>81</sup> Die maatstaf van die verbond wat Israelitiese konings met die onderdane en teenoor God afgelê het, is vir Beza die model ingevolge waarvan bepaal moet word tot welke mate volksverteenvoordigers namens die onderdane verset teen onreg kan pleeg.<sup>82</sup> Dié politieke verbondsmodel berus op die dualiteit van vorstelike en volksgesag en die kontraktuele band tussen vors en volk is die mechanisme wat die kompetensiesfere van vors en volk bepaal.<sup>83</sup>

---

77 Theodorus Beza, *Concerning the Rights of Rulers over their Subjects*. Vertaal deur H.-L. Gonin. Kaapstad: H.A.U.M. (s.j.), pp. 24 e.v., 75 e.v.

78 Beza, *Concerning the Rights of Rulers over their Subjects*, p. 64 e.v.

79 A.A. van Schelven, Introduction. In: T. Beza, *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects*. Vertaal deur H.-L. Gonin. Kaapstad: H.A.U.M. (s.j.), p. 6.

80 Beza, *Concerning the Rights of Rulers over their Subjects*, p. 25 e.v.

81 Beza, *Concerning the Rights of Rulers over their Subjects*, p. 26 e.v.

82 Beza, *Concerning the Rights of Rulers over their Subjects*, p. 49 e.v.

83 Beza, *Concerning the Rights of Rulers over their Subjects*, p. 52.

#### 4.3.1.3 Junius Brutus

Junius Brutus benader die locus van soewereine gesag binne die konteks van die nalatenskap van die Middeleeuse korporasieteorie. In sy *Vindicia Contra Tyrannos* benut hy die standpunte van sowel Hotman as Beza: Die koning ontvang wetgewing van die volk.<sup>84</sup> Hy verwys na talle voorbeelde uit die konstitusionele geskiedenis van antieke volkere om die vorstelike onderworpenheid aan die gesag van die volk te staaf.<sup>85</sup> Hy beroep hom op onder ander die konings van Sparta – deur Aristoteles as legitiem beskryf – wat hul kroningseed maandeliks hernu het, wat tesame met die *ephori* in die naam van die koninkryk onderneem het om volgens die wetgewing van die land te regeer.<sup>86</sup> Toe Archidamus, seun van Zeixidamus, gevra is wie die prefekte van Sparta is, was sy antwoord: "Die wette en die legitieme magistrate."<sup>87</sup> Die voorbeeld wat Brutus aanhaal, is, verskillend van dié van Hotman, nie bedoel om die regeerpraktyke van die Franke en Galliërs te bevestig nie, maar om universele voorwaardes vir regverdige regering te identifiseer. Brutus stel as universele beginsel dat die volk oor die oppergesag in die politieke gemeenskap beskik en dat dié oppergesag die promulgering van wetgewing behels: "In short, legitimate princes receive the laws from the people, together with the diadem as a symbol of honour and the sceptre as a symbol of power. Having received them, they guard them, and it is chiefly in their tutelage of them that they seek glory for themselves."<sup>88</sup> Indien die koning 'n behoefte aan wetgewing identifiseer, bring hy dit onder die aandag van die volk of dié van die adellikes van die volk en versoek dat hul wetgewing aanvaar. Die invloed van die Germaanse regstaattheorie is by Brutus merkbaar: Die volk se wetgewende gesag dien as kompetensiebeperkende mekanisme om vorstelike absolutisme aan bande te lê: "When he has ordered it, there is no more room for second thoughts and he is bound to obey it absolutely. Because examples have more effect than words, he ought to obey what he has passed; for it is manifestly futile and even, in a sense, wrong for a prince to appear to demand of his subjects that they should

---

84 J. Brutus (pseud.), *Vindiciae Contra Tyrannos*. Vertaal deur G. Garnett. Cambridge: Cambridge University Press (1994), pp. 99-100.

85 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, p. 100 e.v.

86 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, p. 100.

87 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, p. 100.

88 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, p. 102.

keep the laws which he, although bound to protect them, disregards.”<sup>89</sup> Brutus se volksoewereiniteitsteorie sluit aan by die Middeleeuse korporasiedenke. Onderdane in die politieke gemeenskap is kollektief (*universi*) heersers; individueel is hul *singuli* en behoort deur die vors broederlik behandel te word.<sup>90</sup> Hy interpreer die antieke Bybelse geskiedenis vanuit die Romeinse korporasiebegrip. Brutus herlei die gesag waaroor die volk beskik tot die oorspronklike verbond tussen God en die volk, ingevolge waarvan Moses en die Leviete namens God teenoor die volk 'n verbond gesluit het, en die hele volk onderneem het om God se volk te wees en om God se Wet in stand te hou.<sup>91</sup> Brutus gebruik twee begrippe uit die Romeinse Reg om sy standpunt te ondersteun: Eerstens, is God die stipulerende party en die volk die ondernemende party tot die ooreenkoms. Ingevolge die Romeinsregtelike kontrakteorie het die stipulerende party slegs oor regte en die ondernemende party uitsluitlik oor verpligte beskik. Tweedens, was die volk Israel as geheel 'n korporasie (*Universitas*), 'n enkele, abstrakte, regspersoon. In dié verband sluit Brutus by die Middeleeuse Postglossatore – veral Bartolus – aan. Die implikasies is: Die *universitas* handel deur middel van werklike persone, naamlik die *universi* wat die korporatiewe entiteit uitmaak. In hul korporatiewe hoedanigheid is dié persone onderskeidend van die private individue of *singuli*. Die *universi* word later beskryf as die volksverteenwoordigers wat die *universi* verteenwoordig. Die verantwoordelikheid van die *universi* behels die handhawing van God se reg – 'n funksie wat nie deur *singuli* behartig kan word nie. Slegs die volk as korporasie kan deur middel van die *universi* dié funksie vervul.<sup>92</sup> In hul private hoedanigheid beskik individue oor geen gesag nie, beklee geen volksverteenwoordigende amp en beskik nie oor die swaardmag nie.<sup>93</sup> Die kompetensiebeperkende funksie van die *universi* geskied deur middel van die volksverteenwoordigers.<sup>94</sup> Die volksverteenwoordigers ontvang hul gesag van die volk – soortgelyk as die *ephori* in antieke Sparta. Sowel die volksverteenwoordigers as die volksvergaderings

---

89 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, p. 102.

90 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, p. 107.

91 Vgl. Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, pp. 38, 52.

92 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, pp. 36, 59-60.

93 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, p. 60.

94 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, pp. 46, 76.

verteenwoordig die volk en tree namens die volk op. Die *universi* sluit dus sowel die volksverteenwoordigers as die volksvergaderings in.<sup>95</sup> In die praktyk beteken dit dat die volk – soos die *ephori* in antieke Sparta – hul belangte volkome aan die sorg van die volksverteenwoordigers en die volksvergaderings oordra.<sup>96</sup> Die rol van die *universi* is dié van tutors; die *universi* waardeur die *universitas* handel en tree op as tutoriale volksverteenwoordigers – 'n gedagte wat in Johannes Calvyn (1509-1564) se *Institutio* beliggaam is.<sup>97</sup> Die *universi* beskik ook oor die *jus gladii* om die verbond in stand te hou. Die *ius gladii* is deur God aan die volk as korporasie verleen, dié reg kom nie *singuli* toe nie en die *universi* sluit in sowel persone in hul korporatiewe hoedanigheid as die volksverteenwoordigers wat hul verteenwoordig, sodat die volksverteenwoordigers die *ius gladii* van sowel God en die volk ontvang. Die implikasie is dat volksverteenwoordigers direk hul gesag van God ontvang, maar indirek van die volk. Brutus se volksoewereiniteitsteorie het belangrike implikasies vir die aanwys van koninklike opvolgers by afsterwe van die monarg, die vraag welke van die koning of die volk oor die oppergesag beskik en volksverset teen tirannieke vorste. Die volk beklee 'n publiekregtelike amp slegs vir sover dit as *universitas* optree.<sup>98</sup> Synde private individue wat in hul individuele hoedanigheid optree, beskik *singuli* nie oor die reg van verset teen tirannieke vorste nie: "In the first place, individuals are not bound by the covenant between God and the whole people that it should be the people of God. For what is owed to a corporation (*universitas*) is not owed to individuals, just as what a corporation owes is not owed by individuals. Further, they are not bound by office, for each one is bound to serve God in that function to which he is called. But private individuals have no power, fill no magistracy, hold no command nor any right of the sword (*ius gladii*). Therefore, since God has not handed the sword to private individuals, so he does not demand use of the sword from them. To private individuals it is said: 'Put your sword in its sheath', but to magistrates: 'You do not bear the sword in vain'."<sup>99</sup>

---

95 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, p. 169.

96 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, p. 49.

97 Calvyn, *Institutio*, IV, XX, 31.

98 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, p. 59 e.v.

99 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, pp. 59-60.

#### 4.3.2 Die spanning tussen vorstelike en volksoewereiniteit

##### 4.3.2.1 Francois Hotman

Francois Hotman se *Francogallia* van 1573 worstel tot 'n groot mate met die partikulier historiese en die universeel filosofiese begronding van die soewereiniteitsidee in die Frankies-Galliese konstitusionele geskiedenis. Hoofstukke tien en elf van die *Francogallia* handel tot 'n groot mate met die aard van die Frankies-Galliese konstitusie en die oorheersende rol van die Volksraad in die grondwetlike reëlings. Hy beroep hom op die goedkeurende opmerkings van Plato, Aristoteles, Polybius en Cicero oor die sinkretiese aard van die Volksraad in die Frankies-Galliese konstitusionele geskiedenis. Hotman beklemtoon ook die universele behoefté aan kompetensiebeperkende meganismes soos dit tot vergestalting kom in onder andere die *ephorale* ampte van Sparta. Andersyds wys hy op die historiese vergestalting van beperking van koninklike gesag in die Franse konstitusionele geskiedenis. Hy vertolk die rol van die volksverteenvoerdigende vergadering as beliggaming van die hoogste gesag in die koninkryk. Die gesag van dié liggaam is afwisselend beskryf as *curia*, *parlementum*, *placitum* en *conventus generalis*. Die gesag waaroor dié vergadering beskik het behels verkiesing en afsetting van konings, publieke wetgewing, aanwys van publieke ampsdraers en ander maatreëls ter effektiewe administrasie van die politieke gemeenskap. Agterliggend tot dié kompetensies is die oppergesag van die volk. Hotman se betoog is dat die koninkryk bo die koning verhewe is – 'n leerstuk wat sedert 1572 in die Hugenote-politieke teorie uit Middeleeuse werke oor populêre soewereiniteit ontwikkel het en deur die spreuk *rex singulis major, universis minor* uitgedruk is. Verskillend van Brutus se latere betoog in die *Francogallia*, vind Hotman nie aansluiting by die Romeinse korporasieteorie van die *universitas* nie. In hoofstuk 12 van die *Francogallia* kom Hotman tot die gevolgtrekking dat die Frankies-Galliese konstitusionele geskiedenis die oppergesag by die volksverteenvoerdigende raad geplaas het: "Through many ages no such blemish became established in our commonwealth, and hence it may be seen, as we shall explain a little later, that the highest administrative authority in the kingdom of Francogallia lay in the formal public council of the nation, which in later times was called the assembly of the three estates."<sup>100</sup> Kompetensiebeperkende maatreëls om konings se gesag te beperk in die Frankies-Galliese

---

100 Hotman, *Francogallia*, pp. 291-293.

konstitusionele geskiedenis, word deur Hotman teruggespoor tot die standpunte van Plato, Aristoteles en Cicero oor sinkretiese regering. Die rol van die volksverteenvoerdigende raad speel in dié verband 'n ondersteunende rol: "For this reason our ancestors accepted this mixed and tempered commonwealth embodying the three kinds of government, and very wisely laid it down that every year there should be a public council of the whole kingdom on the first of May, and that at this council the greatest affairs of the commonwealth should be dealt with through the general advice of all the estates. In this manner the ancient and golden law prevailed: 'LET THE WELFARE OF THE PEOPLE BE THE SUPREME LAW'.<sup>101</sup> Elders beroep Hotman hom op Cicero se beroep op bevordering van die volksbelang om dieselfde beginsel tuis te bring: "From these references it is clear that the Romans, even in the age when they submitted to kings, held this law we have mentioned above as inviolable" 'LET THE WELFARE OF THE PEOPLE BE THE SUPREME LAW'.<sup>102</sup> Die Ciceroniaanse klem op die volksbelang as regulatiewe norm om die politieke lewe te rig, onderlê die konstitusionele diskloers in Hotman se werk. Die beginsel *salus poluli suprema lex esto* dien ter motivering vir die instelling van die volksverteenvoerdigende raad;<sup>103</sup> dit regverdig die volk se inspraak by koninklike gesagsuitoefening;<sup>104</sup> die instelling van ephorale ampte ter beskerming van die vryheid van die onderdane en nakoming van die reg;<sup>105</sup> dit is begrond in die *ius gentium*: "Since this is the way things are, and since, as I say, there has always been this common law among all peoples and nations who practice regal rather than tyrannical government, namely, that 'THE WELFARE OF THE PEOPLE WAS THE SUPREME LAW', it is obvious not only that this celebrated liberty of holding a common council is part of the law of nations but also that kings who oppress that sacred liberty with their evil arts, as if they were violators of this international law and beings set apart from human society, should not be regarded as kings but rather as tyrants."<sup>106</sup> Voorts dien die beginsel ter identifisering en bekamping van die tirannieke optrede van vorste.<sup>107</sup> Dit manifesteer as historiese gebruik in die

---

101 Hotman, *Francogallia*, p. 297.

102 Hotman, *Francogallia*, p. 301.

103 Hotman, *Francogallia*, pp. 89, 297.

104 Hotman, *Francogallia*, p. 301.

105 Hotman, *Francogallia*, p. 313.

106 Hotman, *Francogallia*, p. 317.

107 Hotman, *Francogallia*, p. 343.

Frankies-Galliese konstitusionele geskiedenis<sup>108</sup> en regverdig die beskerming van die volksbelange teenoor die onregverdigte optrede van vorste.<sup>109</sup> Hotman se beskouing van die politieke gemeenskap is dié van die Romeine en Cicero in die besonder: Die politieke gemeenskap is 'n organisme wat oor 'n eie wese beskik, waarin die eenheid van die politieke gemeenskap onderskei van die individuele konstituerende elemente daarvan. Die *societas civium* beskik oor geen persoonlikheid afsonderlik van die *civis* nie. Hoewel die idee van regsubjektiwiteit – wat deur die Romeine veel skerper as by die Griekse ontwikkel was – nie konsekwent deurgevoer word nie, negeer hy dit ook nie volkome nie en aldus maak hy melding van die *populus* as draer van die staatsregte. Soos by die Stoïsyne – wat die staat as 'n onderdeel van die mensheidsgemeenskap (*societas generis humani*) beskou; 'n *corpus ex distantibus* synde 'n geheel wat nie dieselfde is as die totaliteit van die lede daarvan nie en die identiteit van die geheel ondanks die wisseling van laasgenoemde en die afwesigheid van die persoonlikheid van die politieke gemeenskap.<sup>110</sup>

#### 4.3.2.2 Theodorus Beza

In teenstelling tot Hotman se historistiese argumente om die monargale vergrype teen die belang van die volk aan te toon, is Theodorus Beza veel meer dogmaties ingestel. Hotman argumeert dat die verskynsel van *tyrannus exercitio* in Frankryk se konstitusionele lewe die bevoegdhede van die volksverteenvoerdigende raad ondermy en tot tirannie geleid het. Beza daarenteen bedien homself van Reformatoriese Skrifuitleg, etiese argumente en konstitusionele regsanalise om die reg van verset teen tirannieke vorste te regverdig. In *Quaestio 5* van sy *De Jure Magistratum* (1574) bespreek Beza die moontlikheid van gewapende verset teen tirannieke vorste.<sup>111</sup> Die beginsels wat sy bespreking onderlê, is die volgende: eerstens, neem volkere nie hul oorsprong uit vorste nie – volkere bestaan voorafgaande aan hul regeerders, verkie se laasgenoemde en bestaan nie ter wille van regeerders nie.<sup>112</sup> Tweedens, is selfs in geval van oorerflike koningskap, die koning verkie se deur die volk.<sup>113</sup> Beza

---

108 Hotman, *Francogallia*, p. 415.

109 Hotman, *Francogallia*, p. 451.

110 Gierke, *Genossenschaftsrecht*. Vol. 3, p. 3.

111 Beza, *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects*, p. 30 e.v.

112 Beza, *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects*, p. 30.

113 Beza, *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects*, p. 30 e.v.

plaas die historiese getuienis van Hotman op 'n Bybels-prinsipiële grondslag. Nadat God die koningskap in die huis van Dawid gevestig het, is die koninklike opvolgers deur die volk verkieks: "So much so that this kingship was hereditary as far as the family was concerned, but elective as regards the individual incumbent, i.e. dependent upon the election of the people."<sup>114</sup> Die inspraak van die volk by die aanwysing van die vors is by Beza 'n universele beginsel van die organisasie van die politieke gemeenskap: "In short, if we would investigate the histories of ancient times recorded by profane writers also, it will be established – as indeed Nature herself seems to proclaim with a loud voice – that rulers by whose authority their inferiors might be guided were elected for this reason that either the whole human race must needs perish or some intermediate class must be instituted so that by it one or more (*rulers*) might be able to command the others (*and*) protect good men but restrain the wicked by means of punishments."<sup>115</sup> Vervolgens verwys Beza na die skrywers soos Plato en Aristoteles om sy standpunt te ondersteun.<sup>116</sup> Volgens Beza is die teendeel van legitieme regering die toe-eiening van gesag wat nie regmatig aan die vors oorgedra word nie: "Since these principles which were demonstrated above concerning the origin of kings and other rulers have been established, it follows that they are not legitimate rulers who by force or deceit usurp that authority which by no means belong to them."<sup>117</sup> Beza tref 'n onderskeid tussen die handelinge van die volk as publieke entiteit en as private individue. In geval van tirannie berus die plig by die private individue om hul volksverteenvoordigers te nader ten einde die steun van die volk vir verwydering van die tiran te bewerkstellig. In geval die volksverteenvoordigers met die tirannieke vors saamspan, staan dit individue vry om in belang van die volk op te tree: "But if the magistrate connives ... or in some way refuses to perform his duty, then let each private citizen bestir himself with all his power to defend the lawful constitution of his country, to whom after God he owes his entire existence, against him who cannot be deemed a lawful magistrate since he either has already usurped that rank in violation of the public laws or is endeavouring to usurp it."<sup>118</sup> Die inspraak van die volk as publiekregtelike entiteit kan die onregmatige

---

<sup>114</sup> Beza, *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects*, p. 30.

<sup>115</sup> Beza, *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects*, p. 31.

<sup>116</sup> Beza, *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects*, p. 31.

<sup>117</sup> Beza, *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects*, p. 32.

<sup>118</sup> Beza, *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects*, p. 34.

---

toe-eiening van gesag later regstel: "Next it should here be noted that a defect which originally adhered to an usurpation may afterwards be rectified, so much so that he who originally was a tyrant may become a lawful and inviolable ruler, that is of course if afterwards the free and lawful consent is gained of those who have the power to elect and appoint a true and lawful ruler."<sup>119</sup> Die onderskeid tussen die *singuli* en *universi* wat later in Junius Brutus se *Vindiciae Contra Tyrannos* die onderskeid tussen die privaatregtelike optrede van individue en die publiekregtelike handelinge van die volk as 'n organiese eenheid van individue verteenwoordig, is reeds by Beza teenwoordig. Hy onderskei tussen drie groepe onderdane: die private individue wat geen funksies met betrekking tot die publieke administrasie verrig nie; die laere amptenare en die volksverteenvoordigers wat namens die volk die vors binne sy kompetensieterrein hou.<sup>120</sup> Dit is veral die derde kategorie wat oor publiekregtelike kompetensies beskik om kontrole oor die vors se uitoefening van gesag uit te oefen. Dié groep onderdane is die volksverteenvoordigers wat die volksbelange by die vors behartig. Die status van dié volksverteenvoordigende amptenare is die volgende: Die volk bestaan voorafgaande aan dié amptenare, hulle bestaan ten dienste van die volk en ontvang hul gesag van die volksentiteit as 'n kollektiewe geheel van individue.<sup>121</sup> Van 'n staatspersoonlikheid as regsubjek van gesagsregte is daar steeds geen sprake. Beza is 'n voorstander van die voorwaardelike oordrag van volksgesag aan die vors: "In the first place I deny that there is any certain proof of this complete renunciation; nay on the contrary I maintain that as long as right and justice have prevailed no nation has either elected or approved its kings without laying down specific conditions."<sup>122</sup> In 'n insiggewende bespreking van die verkiesing van die konings van Juda, wys Beza op die belangrike rol wat die wedersydse eedswering en verbondsluiting van koning en volk teenoor God as kompetensiebeperkende meganismes ter kontrolering van die gesagsuitoefening van vorstelike gesag meebring.<sup>123</sup> Wat vorstelike gesag betref, konkludeer Beza dat hoewel die hoogste gesag by die hoogste vorstelike gesag berus met dien verstande dat indien die heerser sy kompetensie oorskry, die volksverteenvoordigende

---

119 Beza, *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects*, p. 34.

120 Beza, *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects*, p. 36 e.v.

121 Beza, *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects*, p. 44.

122 Beza, *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects*, pp. 44-45.

123 Beza, *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects*, pp. 51-52.

amptenare oor die reg beskik om verset teen die vors te pleeg.<sup>124</sup> Met 'n beroep op natuurreg en billikhed, formuleer Beza drie beginsels wat by beoordeling van die vorstelike regeergesag in aanmerking geneem moet word: 1) Indien die kontraktuele voorwaardes in 'n plegtige ooreenkoms nie nagekom word nie, kan die ooreenkoms deur die benadeelde party ontbind word. 2) Geen konings word aangewys sonder uitdruklike of stilswyende voorwaardes dat hulle billik en regverdig sal regeer nie. 3) Kontraktuele voorwaardes wat ooglopend sondig is en die gewete aantas, is nietig.<sup>125</sup> Die publiekregtelike optrede van die koning is nie bo die wet verhewe nie. Hier tref Beza die Romeinsregtelike onderskeid tussen die *jus privatum* en die *jus publicum*.<sup>126</sup> Die spreek *legibus solitus est* is nie absoluut toepaslik nie, maar geld slegs wat privaatregrtelike regte van individue betref: "Hence the proposition which would appear to be made elsewhere by the jurists that the ruler is above the laws or that the ruler is *legibus solitus* (not bound by the laws), must be understood only of the civil laws and about the individual right of private citizens e.g. about wills or about the deduction of the Trebellianic or Falcidian fourth, but not the public law and the so-called constitutional law; much less of natural and divine law, for since men collectively and individually are subjected to it in so far as they are born men, it clearly follows that either kings are not men or that they are bound by this law."<sup>127</sup>

#### 4.3.2.3 Junius Brutus

Beza se verbondsmatige begronding van die koninklike gesag en die reg van onderdane om deur middel van hul verteenwoordigers rekenskap van vorstelike gesagsuitoefening te gee, en die volk se publiekregtelike optrede as *universi* onderskeidend van die privaatregrtelike terrein waarop die *singuli* beweeg, is deur Brutus in 'n korporatiewe raamwerk gegiet. As *universi* is die volk kompetent om teen tirannieke vorste op te tree ten einde skending van die verbond waarin sowel volk en vors teenoor mekaar en teenoor God te staan kom, te verhoed. Die volk as korporasie is dié plig verskuldig. Die verpligting wat teenoor 'n korporasie verskuldig is, is nie verskuldig teenoor *singuli* nie, soos wat die verpligting van 'n korporasie nie deur

---

124 Beza, *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects*, p. 63.

125 Beza, *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects*, p. 64.

126 Beza, *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects*, p. 68.

127 Beza, *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects*, p. 68.

*singuli* verskuldig is nie.<sup>128</sup> Die volk as 'n korporatiewe entiteit bestaan reeds voor die opkoms van die monargale gesag en dit bly voortbestaan by tot niet gaan daarvan. Die analogie van die skuldreg, uit hoofde waarvan die verpligtinge van die volk en dié van die koning teenoor God verduidelik word, die feodale regsverhouding wat benut word om die koning se verhouding teenoor God en die volk se primêre verhouding met God te beskryf, het by die opkoms van monargale gesag na vore gekom. Die koning is absoluut aan sy ondernemings gebonde, maar die volk voorwaardelik.<sup>129</sup> Die funksie van die volksverteenwoordigers dien nie ter onderhouding van God se Wet nie, maar om die regte van die volk te beskerm.<sup>130</sup> Alle volksverteenwoordigende ampte – insluitend die koning – verteenwoordig die volk en staan onder tutoriale verpligtinge ten gunste van die volk. Die veiligheid van die volk (*salus populi*), onder hul *cura*, is primêr die volk se godsdiestige veiligheid uit hoofde van die verbond, soos 'n voog die belang van diegene wat onder voogdyskap staan, behoort te beskerm.<sup>131</sup> Die volk beklee die status van 'n *universitas* (korporasie). Ingevolge die Romeinse publiek- en privaatreg is 'n *universitas* 'n assosiasie van persone – in dié geval toegepas op die volk. Die Postglossatore definieer 'n volk (*populus*) as 'n *universitas*, dit word behandel as 'n enkele persoon (*persona*) synde 'n regsfiksie (*persona ficta*). Die skrywer van die *Vindiciae Contra Tyrannos* verklaar insgelyks dat 'n *universitas* van persone optree in die plek van 'n enkele persoon<sup>132</sup> en aanvaar die Postglossatoriale standpunt dat dié *universitas* saamgestel word uit *universi*, nie *singuli* – as fiktiewe eenheidswese is dit egter onderskeie van die samestellende individue. Die volk as *universi* dui op alle lede van die volk as geheel oftewel almal saam. Dit dui op die mense wat tesame die *universitas* van die *populus* na hul korporatiewe aspek vorm, sowel as die volksverteenwoordigers wat hul verteenwoordig en namens hul optree. Die benaming "lede" is onvanpas; die skrywer gebruik die term *membra* om private individue (*singuli*) as byvoorbeeld lidmate van die Kerk aan te dui en wat hy eksplisiet *universi* met *singuli* of *membra* kontrasteer. *Singuli* dui op "private individue" wat teenoor *universi*, synde persone in hul korporatiewe hoedanigheid staan. *Singuli* is nie partye tot die verbond (*foedus*) nie en is bygevolg

---

128 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, pp. 59-60.

129 Brutus, *Vidiciae Contra Tyrannos*, p. 130.

130 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, p. 78.

131 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, p. 49.

132 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, p. 38.

van enige vorm van weerstand op hul eie inisiatief, uitgesluit. In die kerklike sfeer, is hulle “lede” (*membra*) van die Kerk van God.

#### 4.3.3 Politieke konflik en tirannie

##### 4.3.3.1 Francois Hotman

Francois Hotman volg by uitstek die Romeinsregtelike opvatting van die politieke gemeenskap as 'n organisme wat oor 'n eie wese beskik en onderskeibaar is van die individue waaruit die politieke liggaam bestaan. Wat die regsaard van dié gemeenskap betref, volg hy die Romeinsregtelike onderskeid tussen die privaat- en publiekreg. Die *jus publicum* is die terrein waarop die *populus* beweeg – sowel gesags- as vermoënsregtelik; die *jus privatum* is die *jus singulorum* wat op individue betrekking het. Dié dualisme word dermate gehandhaaf dat die beginsels van die een terrein nie op dié van die ander toegepas word nie.<sup>133</sup> Die *jus privatum* is slegs op individue van toepassing. Gierke vat die Romeinsregtelike inslag van die *jus singulorum* soos volg saam: “Das römische Privatrecht ist seinem innersten Zuge und seinem gesammten Bau nach ganz und nu rein jus quod ad singulorum utilitatem spectat, und weisz nichts von ‘organischen Einheiten’.”<sup>134</sup> Die regsubjek is as *singulis* beskou en die Romeinse privaatreg het nie tot die erkenning van 'n groepspersoonlikheid kon ontwikkel nie, maar met die begrippe *communio* en *societas* volstaan en bygevolg slegs die gemeenskap as samevoeging van 'n veelheid van individuele subjekte gekom. Wat die toepassing van die *jus privatum* en *jus publicum* onderskeidelik betref, kan die Romeinsregtelike posisie soos volg saamgevat word: Ingevolge die *jus publicum* is die politieke gemeenskap as regsubjek beskou. Hoewel *Digesta* 1, 3, 32<sup>135</sup> by monde van Julianus, die indruk mag skep dat die politieke gemeenskap met die *populus Romanus* vereenselwig is, was dit nie die geval nie. In *Digesta* 43, 2, 2, word na die publiek as geheel en privaatpersone as twee verskillende entiteite verwys. Volgens *Digesta* 43, 8, 2 word die afdwinging van die reg van 'n privaatpersoon beskou as 'n reg van die *publicum* en die *actiones populares* ter versekering van voorskrifte gegee in die openbare belang<sup>136</sup>, ter beskerming

---

133 Gierke, *Genossenschaftsrecht*. Vol. 3, p. 35.

134 Gierke, *Genossenschaftsrecht*. Vol. 3, p. 38.

135 “Nam cum ipsae leges nulla ex causa nos teneant quam quod judicio populi recepta sunt, merito et ea quae sine ullo scripto populus probavit, tenebunt omnes: nam quid interest suffragio populus voluntatem suam declarat an rebus ipsis et factis.”

136 *Digesta* 2, 1, 7pr.

van die *jus populi*, dit wil sê van die volk as 'n eenheid.<sup>137</sup> Ingevolge *Digesta* 47, 12, 3pr., *Institutio* 4, 5, 1 en *Digesta* 9, 3, 5 is die draers van die beskermde belang nie enkelinge in hul veelheid nie, maar die *populus* as aparte losstaande vereniging van eenhede. Die soewereine volk was by hul wilsuitinge en handelinge streng aan die konstitusionele voorskrifte gebonde. Die gemeentevergadering kon byvoorbeeld geen bindende besluite neem sonder samewerking van die magistrate nie, waaruit blyk dat die subjek van die soewereiniteit nie was die *populus Romanus* as sulks nie, maar in sy konstitusionele geordende verskyning as eenheidswese. Die subjek van die gesag van die politieke gemeenskap was dus nie die totaliteit van die burgers nie en ook nie die burgers as *persona* nie. Selfs met die konsentrasie van die regte en bevoegdhede in die persoon van een individu by die opkoms van die monargistiese staatsvorme, verskyn geen selfstandige staatspersoonlikheid nie, maar is die konkrete subjek as beliggaming van die volkswil beskou.<sup>138</sup> Die begronding van die politieke gemeenskap as 'n publiekregtelike entiteit wat oor gesagsregte beskik, het in die Romeinsregtelike konteks groot uitdagings gebied. Vir dié doel het reeds Middeleeuse skrywers hul na kontraktuele teorieë gewend om die politieke gemeenskap as 'n eenheidswese met 'n eie wil en handelingskompetensies te begrond. Die privaatregtelike kontrak ingevolge waarvan die politieke gemeenskap tot stand kom, ontwikkel mettertyd tot 'n meganisme ter verlening van regspersoonlikheid aan die stede as selfstandige entiteite. Die Romeinse soewereiniteitsteorie word nie prysgegee nie en die volk as *universi* beskik oor publiekregtelike kompetensies ter bevordering van die volksbelang. Hugenote-skrywers neem hul toevalg tot die kontraktuele teorieë om die regte van die volk te verklaar. By Hotman ontbreek die idee egter van die soewereiniteit van die volk en die begronding daarvan in 'n kontraktuele vorm. Voorafgaande aan Hotman se *Francogallia* was die sosiale kontrakteorie reeds gepropageer om vorstelike gesagsregte as synde 'n oordrag van gesag vanaf die volksentiteit na die koninklike amp te begrond. In 'n pamflet *Question politique, s'il est licite aux subiects de capituler avec leur Prince*, geskryf tydens die Hugenote-oorloë, word 'n beroep op kontrakteorie gedoen ter begronding van legitieme monargie, die verkiesing van konings en die beperking van koninklike gesag. By Hotman word die provinsies van die koninkryk met selfstandige

---

137 Kyk *Digesta* 47, 23, 1: "Eam popularem actiones dicimus quae suum jus populi tuerit."

138 *Codex* 1, 17, 1; *Institutio* 1, 2, 6; *Digesta* 1, 2, 2 en *Digesta* 1, 4, 1.

---

gesagsregte beklee. In die *Francogallia* maak hy melding van die kontraktuele band ingevolge waarvan die provinsies in Frankryk gesag aan die koning oordra: "Finally, it is clear that no region, or, to use the common term, province, of France was reserved or granted to the king, and in this respect all power was not bestowed upon him in the manner in which the Roman people gave it to the emperors. On the contrary, he had no rights or ownership in anything, but was restrained by those pacts and conditions through which he was entrusted with the loyalty and authority appropriate to a king. A remarkable proof of this is that, when it is to the public advantage, each region summons its assemblies to take public counsel for the benefit of the province as a whole."<sup>139</sup>

#### 4.3.3.2 *Theodorus Beza*

Beza se navolging van die Romeinsregtelike onderskeid tussen die toepassing van die *jus privatum* op die terrein van private individue se regte en regsbelange en die gelding van die *jus publicum* wat die saamgevoegde individue in die volksliggaam betref, onderlê sy siening oor die rol van die volk as 'n publiekregtelike entiteit wat nie oor regspersoonlikheid beskik nie, maar as 'n identifiseerbare kollektief oor publiekregtelike gesag beskik. Die onderskeid tussen die gesagsregte van die vors en die volk sny 'n moderne opvatting van die staat as regspersoon by die wortel af. In die politieke gemeenskap bestaan vors en volk as twee entiteite wat elk oor gesag beskik.<sup>140</sup> Hoewel die volk oor geen privaatregtelike kompetensies jeens die koning beskik nie, het die volk as 'n eenheid van individue wel die kompetensies om via volksverteenvoerdigende instellings beheer oor vorstelike gesagsuitoefening uit te oefen. Die implikasies van Beza se standpunt is die volgende: 1) Koninklike gesag is beperk, welke beperkings positiefregtelik of natuurregtelik van aard kan wees.<sup>141</sup> 2) Twee vorme van tirannie word onderskei, andersyds die onregmatige toe-eiening van gesag (*tyrannus exercitio*), andersyds wettig verkose vorste se diktatoriale optrede.<sup>142</sup> 3) Die instansie wat oor sowel die reg as plig beskik om tirannie teen te gaan en die volksbelange te handhaaf, is nie die ongeorganiseerde volksmassa of individuele burgers nie, maar

---

139 Hotman, *Francogallia*, p. 417.

140 Beza, *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects*, p. 25 e.v.

141 Beza, *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects*, p. 64 e.v.

142 Beza, *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects*, p. 36 e.v.

die *magistrates inferiores* en die *magistrates populares*.<sup>143</sup> 4) Dit is regmatig om 'n kontrak tussen die volk en die vors te sluit volgens die voorbeeld van die tweede boek Konings, hoofstuk elf, vers sewentien, ten einde die vors aan sy kompetensieterrein te bind.<sup>144</sup>

#### 4.3.3.3 Junius Brutus

In die adres aan die leser in die *Vindiciae Contra Tyrannos*, vat Scribonius Spinter die kern van Brutus se werk saam en gebruik organismiese metafore om die korporatiewe regte van die volk (as *universi*) – om verset teen onregverdige vorste te pleeg – te beskryf: "Junius defines true kings and leading men and teaches peoples their rights (*iura*). Of course, he makes kings the head in the great civil body, and the people its other members. But when the members are exhausted by resisting the head, will the head which oppresses its members be healthy either, O Tuscan? Consequently kings should be laws to the people in practice as well as by covenant (*foedus*), and fathers and leaders of justice in name and deed."<sup>145</sup> Die voorwaardelike wyse waarop die volk deur middel van die verbond teenoor die vors verbind is, verleen aan die volksvergadering – as *universi* – die reg om 'n tirannieke of onbekwame koning uit sy amp te ontslaan.<sup>146</sup> Die skrywer van die *Vindiciae Contra Tyrannos* aanvaar dit as 'n universele beginsel dat alle politieke gemeenskappe op die wedersydse en wederkerige verpligtinge van volk en vors berus: die vors onderneem om regverdiglik te regeer; die volk onderneem om hom gehoorsaamheid te bewys indien die vors sy ondernemings gestand doen. Die volk se voorwaardelike gehoorsaamheid bring mee dat by verbondsverbreking van die vors, die volk van hul verpligtinge tot gehoorsaamheid vrygestel is en die volksverteenvwoerdigers namens die volk teen die vors kan optree: "But the people is free of any crime of perfidy if it publicly renounces someone who is commanding unjustly, or attempts to recover by arms the kingdom from one who desires to retain it illegitimately. Thus it is lawful either for all or at least for many of the officers of the kingdom to restrain a tyrant."<sup>147</sup> Brutus som die posisie van die volk as *universi* teenoor die vors soos volg saam: Vorste word deur God verkies en deur die volk ingestel;

---

143 Beza, *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects*, p. 36 e.v.

144 Beza, *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects*, p. 49 e.v.

145 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, p. 7.

146 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, p. 86.

147 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, p. 158.

soos individue 'n mindere status teenoor die vors beklee, beklee almal saam (*universi*), sowel as diegene wat die *universi* verteenwoordig (regeerlui en amptenare van die koninkryk) 'n meerderes status teenoor die vors. By instelling van 'n vors, kom 'n verbond tussen die vors en die volk tot stand – hetsy stilswyend of uitdruklik; hetsy volgens die natuur- of burgerlike reg – ten effek dat vir sover die vors wette nakom, die hele volk hom sal gehoorsaam. Met ander woorde vir sover hy die gemenebes dien, sal die volk aan hom gehoorsaamheid bewys. By effek beteken dit dat vir solank hy in ooreenstemming met die reg regeer, die volk hul aan hom sal onderwerp. Die amptenare van die koninkryk is die bewakers van die verbond of kontrak. Voorts wat die voorwaardes van die kontrak oortree, word beskryf as tiranne wat in onreg verval. Die amptenare van die koninkryk is ampsgebonde om hom in ooreenstemming met die reg te verhoor en, indien hy hom daarteen verset, deur middel van geweld te bedwing indien hul dit op geen ander wyse kan bewerkstellig nie. Die amptenare van die koninkryk resorteer in twee groepe: Diegene wat die voogdyskap van die hele koninkryk aanvaar – soos wetstoepassers en polisiebeamtes; tweedens diegene wat voogdyskap oor 'n deel van die koninkryk aanvaar – soos baronne en burgemeesters – en uit hoofde van hul amp tiranne van hul gebiede kan uitsluit; derdens, individue, wat in hul private hoedanigheid optree (*singuli sive private*), mag nie die swaard teen vorste wat in tirannie verval opneem nie, omdat laasgenoemde nie deur individue in hul amp gestel is nie, maar deur die hele volk (*universi*). Sodanige verset in hul private hoedanigheid is egter geoorloof teen tiranne wat onregmatiglik die troon toe-eien.<sup>148</sup>

#### 4.3.4 Sinkretiese regering en die burgerlike vryheidsregte

##### 4.3.4.1 Francois Hotman

Vir doeleindeste van Hotman se bespreking van sinkretiese regeringsvorme, dien die voorbeeld van die antieke Spartane as 'n belangrike verwysingspunt. Hy verwys in besonder na die instelling van die Raad van Amphictyon deur Amphictyon, seun van Deucalion. Op vasgestelde tye van die jaar het afgevaardigdes van die twaalf state van Griekeland te Thermopylae as 'n algemene raad vergader om die belangrikste aangeleenthede betreffende die koninkryk en gemenebes te bespreek.<sup>149</sup> Volgens Cicero staan dit bekend as die "Algemene Raad", volgens Plinius die "Publieke Raad" van Griekeland.

---

148 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, p. 172.

149 Hotman, *Francogallia*, p. 303.

Volgens die derde boek van Aristoteles se *Ethica* het konings, ten tye van Homeros, bepaalde aangeleenthede eers na 'n volksraad verwys het. Soortgelyk vermeld Herodotus soortgelyke instellings.<sup>150</sup> Volgens Hotman het die Germane soortgelyke sinkretiese vorme onderskryf: Die Keiser verteenwoordigend van die monargale, die prinse van die aristokratiese en die afgevaardigdes van die stede die demokratiese elemente.<sup>151</sup> Insgelyks het die Spartane die *ephori* ingestel ten einde die kompetensies van konings te beperk, sodat Plato melding maak van die kompetensiebeperkende rol van die *ephori* en dat hul later by effek die gemenebes deur hul advies en gesag bestuur het.<sup>152</sup> Die *ephori* het as volksverteenvoordigers teenoor die koning te staan gekom: "And just as the ephors stood in opposition to the kings with the Spartans, so with the Aragonese this magistrate confines the force and violence of the power of kings, and in a certain manner acts as the superintendents and guardians of liberty."<sup>153</sup> Elders vergelyk hy dit met die rol en funksie van die Tribunes in die Romeinse konstitusionele geskiedenis: "(S)o that it (office of Ephors) may stand against the royal judges, just as the ephors of Sparta were opposed by Theopompus and the Spartan kings, and as the tribunes of the people among the Romans were opposed by the consuls."<sup>154</sup>

#### 4.3.4.2 Theodorus Beza

Die volksverteenvoordigingsmodel wat Beza se betoog in sy *De Jure Magistratum* onderlê, is grootliks van Spartaanse oorsprong. Van dié Spartaanse model lei Beza die volksregte op inspraak by gesagsuitoefening van die koning af, die verkiesing van konings en die praktyk om vorstelike gesag deur middel van kontrakte te beperk. Volgens Beza was dit gebruiklik by die Spartane om hul keuse met betrekking tot die verkiesing van 'n koning uit die familie van die Heraclidae uit te oefen. Na afloop van die verkiesing van die koning volgens eksplisiële voorwaardes, het hul die *ephori* aangewys – ampsdraers met die plig om die konings se gesagsuitoefening tot vaste kompetensiegrense te beperk. Voorts het die gebruik gegeld dat die koning en die *ephori* hul maandeliks deur middel van wedersydse eedswering tot hul onderskeie pligte verbind het – die

---

150 Hotman, *Francogallia*, p. 305.

151 Hotman, *Francogallia*, p. 303-305.

152 Hotman, *Francogallia*, p. 305.

153 Hotman, *Francogallia*, p. 309.

154 Hotman, *Francogallia*, p. 313. Kyk ook p. 345.

*ephori* namens die volk en die koning in sy eie naam. Ingevolge dié eed het die koning onderneem om in ooreenstemming met die terme van die gepromulgeerde wetgewing te regeer; op hul beurt het die *ephori* onderneem om die koning te beskerm indien hy ingevolge sy ondernemings regeer.<sup>155</sup> Die *ephori* het as volksverteenvoordigende liggaaam teenoor die koning as publieke persoon te staan gekom. Die Spartaanse voorbeeld van kontraksluiting tussen dié twee publieke entiteite dien by Hotman as verwysingspunt vir die reg van die volksverteenvoordigers om die koning aan sy kroningseed en ampsondernemings te hou: “As Xenophon bears witness, the king of the Spartans and the ephors, who were so to speak, the king’s guardians and overseers, pledged faith to each other by solemn oath every month. The king swore that he would rule according to the written form of the laws, and the ephors that they would preserve the royal government if, and only if, the king would keep his oath.”<sup>156</sup>

#### 4.3.4.3 Junius Brutus

Die skrywer van die *Vindiciae Contra Tyrannos* bespreek die verteenwoordigingsbeginsel binne die raamwerk van die verbondsmatige verpligtinge wat die volksverteenvoordigers jeens die volk het. As voogde, tree sowel die koning as die volksverteenvoordigers in die plek van die volk op.<sup>157</sup> Die volksverteenvoordigers beseël die kontrak met die koning.<sup>158</sup> Die volksverteenvoordigers verleenwoordig die universi op ‘n ander wyse as die koning, en handel self as *universi*.<sup>159</sup> As volksverteenvoordigers tree die volksverteenvoordigers as *universi* op *in loco domini*; korporatief handel hulle as *domini*. Die koning word nie ingesluit by die term *universi* nie, hy tree nie as *universus* op nie en is ook nie *dominus* van die koninklike domein nie.<sup>160</sup> Die volk handel deur middel van voogde – soos die *ephori* van Sparta wat as voogde aangestel is.<sup>161</sup> In die proloog tot sy werk, haal Brutus aan uit Justinus se *Epitoma Historiarum Phillipicarum Pompei*: “He instituted laws for the Spartans when they had none; and was made no more famous for his invention of them than by the example he set. For he sanctioned no

---

155 Beza, *The Rights of Rulers Over Their Subjects*, p. 48.

156 Hotman, *Francogallia*, p. 403.

157 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, pp. 127, 159.

158 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, pp. 127, 159.

159 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, pp. 169, 157-158.

160 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, pp. 112-113.

161 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, p. 166.

law for others which he had not first given as an instruction to himself. He strengthened the people in obedience to princes, and princes in the justice of their commands.”<sup>162</sup> Die rol van die *ephori* by Brutus speel ‘n deurslaggewende rol as kompetensiebeperkende instelling van die volk (as *universi*): Die *ephori* is deelgenote aan die regering en verteenwoordig die hele volk (*universus populi coetus*);<sup>163</sup> die *ephori* oordeel oor die gedrag van konings;<sup>164</sup> die Spartaanse konstitusionele orde was gerig op die koning se nakoming van die reg;<sup>165</sup> die konings van Sparta – deur Aristoteles beskryf as legitiem – het maandeliks hul eed teenoor die *ephori* herno en gesweer om in ooreenstemming met die wetgewing van Lycurgus te regeer;<sup>166</sup> die Spartaanse standpunt was dat konings soos vaders regeer en tiranne soos slawe-eienaars heers.<sup>167</sup>

## 5. Samevatting en gevolgtrekking

Die Kanonistiese skrywers en die Konsiliariebeweging wat daaruit voortgespruit het, het ‘n groot impak op die vroeë Protestantse politieke denke uitgeoefen. Elemente van beide politieke strominge is in die Protestantse staatsfilosofiese arsenaal opgeneem en van ‘n sterker Bybelse onderbou voorsien. Protestantse Monargomage soos Francois Hotman, Theodorus Beza en Junius Brutus, het ruim uit die Kanonistiese en Konsiliariese denke geput. Die Middeleeuse korporasiebegrip het toenemend as verwysingsmodel vir Monargomagiese politieke standpunte gedien. Die korporasieteorie het sowel Kanonistiese as Konsiliariese elemente bevat en het ontwikkel uit pogings om die Romeinse politargiese soewereiniteitskonsepsie met die Germaanse nomokratiese monargisme te sintetiseer. Die spanning tussen dié twee monargale tradisies het in die korporasiefiguur neerslag gevind.

Die Romeinsregtelike soewereiniteitskonsepsie ontwikkel uit die patriargaalbeïnvloede tradisiegebondenheid en die konflik tussen die gesagswillekeur van die monargisme en die vryheidsug van die politargie – ‘n ervenis van die Griekse demokratiese denke. Die Romeinse soewereiniteitsbegrip kry beslag na aanleiding van die klem op die privaatreg

---

162 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, p. 6.

163 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, p. 46.

164 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, p. 80.

165 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, p. 96.

166 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, p. 100.

167 Brutus, *Vindiciae Contra Tyrannos*, p. 108.

as nalatenskap van die hele gemeenskap. Die Romeinse monargale stelsel word deur politargiese elemente getemper totdat dit by die aanvang van die Christelike era onder die vaandel van die *imperium* herleef – synde die selfstandige bevoegdheid van die monarg om onderdane deur persoonlike bevele te regeer. Die Romeinse soewereiniteitskonsepsie was dus 'n kompromie-produk wat die digotomie van gesag en vryheid opgelos het onder die skyn van onderdane wat as burgers aan die staatsbestuur meewerk. Die burgerregtelike aansprake van die burgery was egter grootliks tot die privaatreg beperk.

Die staatkundige konsolidasie van die heilige Romeinse Ryk onder Karel die Grote en sy opvolgers vanaf 800 n.C. lei tot die organisasie van die politieke gemeenskap deur die Germaanse vorste met behulp van die Kerk en kerklike ampsdraers. Die Germaanse nomokratiese monargie was minder staats- en meer regsgesoriënteerd: Die politieke gemeenskap ontleen sy gesag en beperkings aan die reg. Die reg beskik oor 'n selfstandige bestaan en is nie tot die privaatreg beperk nie. Die reg word gerugsteun deur die Romeinse Reg en die Katolieke Kerk en verchristelik. Voorts is die monargale gesag gebind aan die neergelegde reg en die Germaanse nomokrasie word gekonsolideer in monargale vorme van nomokratiese inslag. Onder leiding van die Katolieke eenheidsleerstuk dien die Kerk as gesagsbeperkende medium vir Germaanse vorste. Enersyds moes die Germaanse monargie en keiserskap van die Middeleeue sy gesag teenoor die Kerk beperk en waarborg deur middel van 'n kontrak of konkordaat. Andersyds plaas die afwesigheid van die gevestigde stadskultuur monargale vorste onder verpligting om hul volgelinge en ondersteuners te bind in ruil vir voorregte, verlening van 'n eie jurisdiksie en grondheerskap in die feodale stelsel: "Die resultaat hiervan was dat daar wel 'n eenheidstelsel in Wes-Europa ontwikkel is, 'n Christelike eenheidsbeskouing as't ware aan die weerbarstige Germanedom opgedring is, maar dit was 'n veleenheid van gesag, kerklik, keiserlik, koninklik, landsheerlik en korporatief saamgebind deur 'n alsydig beperkende kontraktuele verband. Die staatkundige monisme is definitief beëindig en is in die Middel-Eeue vervang deur 'n pluralistiese hiërargie, 'n gewyde piramidaal opklimmende gesagsveelheid."<sup>168</sup>

Die politieke implikasies van die Middeleeuse korporasiebegrip behels dat die staatsentiteit nie alleen ter wille van vryheid en orde die menigvuldige inkorporasie van groepe moet eerbiedig nie, maar self uit die sosiale inkorporasie van bepaalde funksies voortkom, dat sy gesag ontleen is aan

---

168 L.J. du Plessis, *Die Moderne Staat*. In: Die Verkennersreeks. No. 2. Stellenbosch: Pro Ecclesia-Drukkery (1941), p. 15.

sy korporatiewe karakter as regspersoon en dat hy in sy aard en werking bepaal word deur ander korporasies soos beroepsgroepe.

Die inherente onstabiliteit van die staatskorporasie kom tot uitdrukking in die politieke werke van die Monargomagiese Protestante. Francois Hotman, Theodorus Beza en Junius Brutus se pogings om die staat as 'n verbandstruktuur wat publieke geregtigheid moet handhaaf en in die algemene belang regeer. Francois Hotman se werk *Francogallia* was 'n belangrike katalisator in die proses om die Middeleeuse korporasieteorie deel van die Protestantse politieke teorie te maak. Hotman poog om die Romeinsregtelike politargiese monargisme aan die hand van die nomokratiese monargale tradisie te temper. Hy beskou die politieke gemeenskap deur die biologisties-organismiese bril van die geheel-dele-relasie van Aristoteliese oorsprong. Naas die gesag waaroor die monarg beskik, lê hy klem op die politargiese vryheid van die staatsvolk. Hotman erken nie die geïndividualiseerde aard van die politieke gemeenskap nie en bygevolg beskik dié gemeenskap nie oor regspersoonlikheid nie. Die invloed van die Romeinsregtelike politieke beskouing geld in Hotman se teorie tot die mate dat die volk as privaatregtelike entiteit oor die bevoegdheid beskik om met die monarg 'n kontrak ter beskerming van die onderdane se burgervryhede te sluit. Die mate van gesag waaroor die staatsvolk beskik, stel hul in staat om kollektief hul reg op politieke inspraak deur middel van volksverteenwoordigers uit te oefen. Sy teoretiese benadering getuig eerder van 'n poging tot 'n formele balansering van mag, as wat dit op prinsipiële gronde die vors en volk as beide draers van soewereiniteit in 'n staatlike verbandstruktuur kon akkommodeer.

Die spanning tussen die Romeinse politargiese monargisme en die politargiese vryheid van staatsonderdane wat in Hotman se politieke teorie nie op 'n blywende prinsipiële grond tot oplossing gebring kon word nie, inspireer Theodorus Beza tot 'n meer dogmatiese ondersoek na die mekanismes om groter politargiese vryheidsverskansinge in die geheel-dele-skema van die Aristoteliese politieke gemeenskap te verseker. Hoewel historiese voorbeeld van sosiale kontrakmeganismes in die konstitusionele geskiedenis van Wes-Europese volkere bekend was, neem Beza die voorbeeld van verbondsuiting in die Ou Testamentiese geskiedenis as normatiewe elemente ter beperking van die monargale gesag. Die drieledige kontrakte tussen konings, vorste en God word deur Beza gebruik om sowel die gesagsbron as die beginsel van politieke medeseggenskap te illustreer. Gesag word nie as 'n prinsipiële komponent van die struktuur van die politieke gemeenskap onderskei nie, maar vloeи uit die oppergesag van die volk voort. Die volk is bygevolg die universelle gesaghebbende *corpus* waarvan die individuele lede die

komponente vorm. Die burgerlike en politieke vryheidsregte van onderdane is bygevolg bloot elemente van die vergestalting van die volk op politieke terrein. Voorts beskik die volk oor die regte van individue en ontbreek 'n normatiewe struktuur van 'n geïndividualiseerde staatstruktuur ingevolge waarvan soewereiniteit ondeelbaar, onoorddraagbaar en in algemene belang van die politieke gemeenskap uitgeoefen word.

Die werk van sowel Hotman as Beza, was aanleidend vir Junius Brutus se *Vindiciae Contra Tyrannos*. Die korporasieteorie wat implisiet tot Beza se werk figureer, word in Brutus se werk eksplisiet aangewend. In Brutus se werk word die Middeleeuse korporasieteorie in sy volle bestek toegepas – die eerste werk in protestantse geledere wat uitsluitlik op die Middeleeuse korporasiefiguur steun. In dié werk doen Brutus 'n beroep op die Middeleeuse korporasiefiguur in 'n poging om die onstabiele verhouding tussen Romeinse politargiese monargale gesag en nomokratiese monargisme te versoen. Brutus se korporasieteorie vind volledig aansluiting by die korporasiedenke van die Kanonistiese denkers van die Middeleeue. Hy klee die politieke gemeenskap in die huls van die geïndividualiseerde korporasiestruktuur ingevolge waarvan die regspersoonlikheid van die staat as politieke korporasie aanvaar word. Die staat as korporasie bestaan hoofsaaklik om die vryheid van onderdane te verseker. Die verhouding tussen volk en monarg berus op die sosiale kontrak-konstruksie soos deur Beza voorgestaan. Ingevolge dié kontrak kom die politieke gemeenskap tot stand, word die politieke gesag aan die monarg oorgedra en word die monarg nomokraties aan sy ampsverpligtinge gebind. Die afwesigheid van 'n gedifferensieerde samelewingsorde ingevolge waarvan die diversiteit van sosiale strukture erken en elk met soewereiniteit oor struktuur-eie normatiewe funksies beskik, reduseer die belangste terreine van onderdane tot dié van die politieke soewereiniteit waарoor onderdane beskik. Die reduksie van die verskeidenheid private burgervryhede van onderdane tot dié van politieke belang, laat weinig ruimte vir die integrering van die diverse belang wat 'n gedifferensieerde politieke orde behoort te vertoon en ontbeer 'n grondslag ter begronding van die politieke burgerregte waарoor onderdane afgesien van prinsipeel beskik.

Francois Hotman se politieke teorie getuig van die mate waartoe die onderskrywing van die Middeleeuse korporasieteorie ter begronding van burgerlike en politieke vryhede in gebreke bly om 'n geïntegreerde basis vir die oplossing van politieke konflik tussen die monarg en die volk te bied. Vanuit die geheel-dele-relasie van die organismiese politieke gemeenskapspersoon, beland Hotman in die onoplosbare konflik tussen politargiese en nomokratiese monargisme. Hoewel hy die historiese wortels

van nomokratiese monargisme ondersoek, laat hy nie die Romeinse soewereiniteitskonsepse vaar nie. Sy beroep op die konstitusionele geskiedenis van die Franke en Germane is normatief onvoldoende om die burgerlike en politieke vryheidsregte van onderdane te waarborg. By gebrek aan 'n normatiewe inkleding van die staatsverband as publiekrechtelike geregtigheidshandhawer, versand sy teorie in die universalisme van die geheel-dele-skema wat uit die Aristoteliese biologisme oorgeneem is. Die volksoewereiniteit wat uit dié universalisme orent kom, is eweneens 'n vryheidsbedreigende werklikheid, soos in die volksoewereiniteitsdenke van die sewentiende en agtiende eeu sou blyk.

## Bibliografie

- AENEAS SYLVIUS. 1566. *De Ortu & Authoritate Imperii Romani*. In: S. Schard, *De Iurisdictione Autoritate, et Praeminentia Imperiali, ac Potestate*. Basileae: Cum Caes. Maiest. Gratia & Privilegio, pp. 314-328.
- ANTONITES, A.J. 1981. Die filosofie van die konsiliebeweging. In: A.M. Faure, A.C.A. Gey van Pittius e.a. *Die Westerse Politieke Tradisie*. Pretoria: Academica, pp. 136-147.
- AURELIUS AUGUSTINUS. 1903. *Belijdenissen*. Vertaal deur F. Erens. Amsterdam: S.L. van Looy.
- CANNING, J. 2002. *The Political Thought of Baldus de Ubaldis*. Cambridge: Cambridge University Press.
- DANTE ALIGHIERI, 1996. *Monarchy*. Cambridge: Cambridge University Press.
- DU PLESSIS, L.J. 1941. Die Moderne Staat. In: *Die Verkennersreeks*. No. 2. Stellenbosch: Pro Ecclesia-Drukkery.
- ENGELBERT VAN VOLKERSDORF. 1725. *De Regimine Principum*. Ratisbonae: Joannis Conradi Peezi.
- FICKER, J. 1869. *Forschungen zur Reichs- und Rechtsgeschichte Italiens*. Vol. 2. Innsbruck: Verlag der Wagner'schen Universitäts-Buchhandlung.
- FRANCOIS HOTMAN. 1972. *Francogallia*. Vertaal deur J.H.M. Salmon. Cambridge: Cambridge University Press.
- FREDERICI II. 1837. *Constitutiones*. In: *Monumenta Germaniae Historica. Leges*. Vol. 2. Hannoverae: Impensis Bibliopolii Aulici Hahniani, pp. 223-360.
- GIERKE, O. 1873. *Deutsche Genossenschaftsrecht. Zweiter Band*. Berlin: Weidmannsche Buchhandlung.

- GIERKE, O. 1881. *Deutsche Genossenschaftsrecths*. Dritter Band. Berlin: Weidmannsche Buchhandlung.
- GIERKE, O. 1987. *Political Theories of the Middle Age*. Vertaal deur F.W. Maitland. Cambridge: Cambridge University Press.
- GIESEY, R.E. 1972. Introduction. In: Francois Hotman, *Francogallia*. Vertaal deur J.H.M. Salmon. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 1-134.
- GULIELMUS DURANDUS. 1538. *Speculum*. Basil: Geen uitgewer vermeld.
- GULIELMUS DURANDUS. 1671. *Tractatus De Modo Generalis Concilii Tenendi*. Parisiis: Franciscum Clousier.
- HÖFLER, K.A.C. 1862. *Kaiserthum und Papstthum*. Prag: Friedrich Tempsky.
- HOMEYER, C.G. (Red.) 1861. *Sachsenspiegel*. Vol. 1. Berlin: Ferd. Dümler's Verlagsbuchhandlung.
- HOSTIENSIS. 1573. *Summa Aurea*. Basilae: Apud Thomam Guarinum.
- HOSTIENSIS. 1579. *Summa Aurea*. Venitiis: Geen uitgewer vermeld.
- HOSTIENSIS. 1512. *Lectura in Quinque Decretalium Gregorianum Libros*. Parisiis: Geen uitgewer vermeld.
- INNOCENTIUS III. 1855. Pontifex Romanus Opera. In: *Patrologia Cursus Completus*. Vol. 214. Parisiorum: Seu Petit-Montrouge.
- JOHANNES DE TURRECREMATA. 1871. *De Potestate Papae et Concilii Generalis*. Periponti: Libraria Academica Wagneriana.
- JOHANNES VAN PARYS. 1566. Tractatus de Regia Potestate. In: S. Schard, *De Iurisdictione Autoritate, et Praeeminentia Imperiali, ac Potestate*. Basileae: Cum Cais. Maiest. Gratia & Privilegio, pp. 142-224.
- JUNIUS BRUTUS (Pseud). 1994. *Vindiciae, Contra Tyrannos*. Vertaal deur G. Garnett. Cambridge: Cambridge University Press.
- MARSILIUS VAN PADUA. 2005. *The Defender of the Peace*. Vertaal deur A. Brett. Cambridge: Cambridge University Press.
- NICOLAS VAN CUSA. 1566. De Concordantia Catholica. In: S. Schard, *De Iurisdictione Autoritate, et Praeeminentia Imperiali, ac Potestate*. Basileae: Cum Caes. Maiest. Gratia & Privilegio, pp. 465-676.
- PETRUS DE ANDLO. 1603. *De Imperio Ramani Regis*. Argentorati: Typis Iosiae Rihelli.
- PETRUS DE VINEIS. 1566. *Epistolarum*. Basilae: Paulum Ovecim.
- PIENAAR, G.J. 1982. *Die Gemeenregtelike Regspersoon in die Suid-Afrikaanse Reg*. LL.D.-proefskrif, P.U. vir C.H.O.
- PLATO. 1979. *The Republic*. Harmondsworth, Midlesex: Penguin Books.

- RAATH, A.W.G. 2019. Die Reformatoriese herinterpretasie van die ephorale ampsidee as sinkretiese konstitusionele instelling in die antieke Spartaanse politieke lewe. In *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* 2019 (4), pp. 145-183.
- SHOGIMEN, T. 2007. *Political Discourse in the Late Middle Ages*. Cambridge: Cambridge University Press.
- SKINNER, Q. 2000. *The Foundations of Modern Political Thought*. Vol. 2. Cambridge: Cambridge University Press.
- THEODORUS BEZA. S.j. *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects and the Duty of Subjects Towards Their Rulers*. Vertaal deur H.-L. Gonin. Cape Town: H.A.U.M.
- THOMAS AQUINAS. 1979. *On Kingship to the King of Cyprus*. Vertaal deur G.B. Phelan. Westport, Connecticut: Hyperion Press.
- THOMAS AQUINAS. 2000. *Summa Theologica*. Christian Ethereal Library.
- TIERNEY, B. 1968. *Foundations of Conciliar Theory. The Contribution of the Medieval Canonists from Gratian to the Great Schism*. Cambridge: Cambridge University Press.
- ULRICH TENGLER. 1509. *Laienspiegel*. Vol. 1. Strasburg: Geen uitgewer vermeld.
- VAN DER KAMP, J.L.J. 1936. *Bartolus de Saxoferrato*. Amsterdam: H.J. Paris.
- VAN SCHELVEN, A.A. S.j. Introduction. In: Theodus Beza, *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects and the Duty of Subjects Towards Their Rulers*. Vertaal deur H.-L. Gonin. Cape Town: H.A.U.M., pp. 1-18.
- WILKS, M.J. 1972. Corporation and Representation in the Defensor Pacis. In: *Studia Gratia* 15(1972), pp. 253-292.